

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE



IN HIERDIE UITGawe

- Die Afrikaanse Skrywer van Vandaag — P. C. Coetze.
- Voor die Muur — J. S. Rabie.
- Die Afrikaanse Wêreldbeskouing — A. Alberts.
- Uit die Oertyd van die Opera — Dawid Engela.
- Elegie voor de Rechter — André Demiedts.
- Spel van Blank en Swart — D. F. Malherbe.
- Die Satirikon van Petronius Arbiter — J. J. Human.
- Leipoldt Weer in Gedrang — J. E. Kromhout.
- Gedigte.
- Boekbesprekings.

JAARGANG 4 NOMMER 3
SEPTEMBER 1954

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

KWARTAALBLAD VAN
DIE AFRIKAANSE SKRYWERSKRING

Redakteur:

C. M. VAN DEN HEEVER

Letterkundige Adviseurs:

D. F. Malherbe, H. A. Fagan, P. C. Schoonees,
E. J. Eybers en W. A. de Klerk.

JOHANNESBURG

1954

SEPTEMBER 1954

JAARGANG 4 : NOMMER 3

INTEKENGELD: 20/- (posvry)

Los nommers in die handel: 6/- per eksemplaar

Uitgegee deur

Die Afrikaanse Skrywerskring

Administrasie en Redaksie:

Professor Abel Coetzee, Posbus 1176, Johannesburg

Inhoud

Bladsy

DIE AFRIKAANSE SKRYWER VAN VANDAG, P. C. Coetzee	5
VERSE VAN PAUL ÉLUARD, vertaal deur Uys Krige	17
VOOR DIE MUUR, J. S. Rabie	19
GEDIGTE, W. van Heerden	22
DIE AFRIKAANSE WÉRELDBESKOUING, A. Alberts	23
GEDIG, J. C. Coetzee	31
ELEGIE VOOR DE RECHTER, André Demedts	32
GEDIGTE, J. Raubenheimer	45
UIT DIE OERTYD VAN DIE OPERA, Dawid Engela	47
GEDIGTE, A. Alberts	54
UIT: SPEL VAN BLANK EN SWART, D. F. Malherbe	55
GEDIGTE, Vincent van der Westhuizen	64
Uit: DIE SATIRIKON VAN PETRONIUS ARBITER, J. J. Human	66
GEDIG, Carel van Heerden	76
LEIPOLDT WEER IN DIE GEDRANG, J. E. Kromhout	77
GEDIG, D. P. M. Botes	81
BESKOUINGS VAN ONS LESERS	82
BOEKBESPREKINGS	89
UIT DIE TYDSKRIFTE	94

Afdrukke: Dr. P. C. Coetzee
Dr. Dirk Coetzee



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

https://archive.org/details/tydskrifvirlette00uns_3u3

Die Afrikaanse Skrywer van Vandag

P. C. COETZEE



As iemand aankondig dat hy oor die hede of die toekoms gaan praat of skryf, kan mens byna sonder uitsondering aanneem dat hy dit oor die verlede sal hê. Ek het te veel respek vir goeie tradisies om 'n uitsondering op hierdie reël te maak. Buitendien het die reël 'n baie goeie rede: mens kan die verskynsels van jou eie dae nie verstaan sonder om dit in verband te bring met wat daaraan voorafgegaan het nie en alle redelike verwagtings omtrent die toekoms hang af van ons ervaring van opeenvolginge in die verlede. My tema is die eenselwige situasie waarin die Afrikaanse skrywer hom tans aan die begin van die tweede helfte van die twintigste eeu bevind. Hoe uniek hierdie situasie is, besef mens eers wanneer jy dit aan die een kant vergelyk met dié van die Afrikaanse skrywer van die begin van die eeu, en aan die ander kant met dié van sy kollega in Engeland, die Verenigde State en die Vasteland van Europa van vandag.

Die historikus mag my hier in die rede val met die opmerking dat enige historiese situasie uniek is, dat die geskiedenis as verloop bestaan uit 'n opeenvolging van unieke situasies. Ek wil dan ook geredelik toegee dat die geskiedenis ten spyte van 'n bekende spreuk homself nooit geheel-en-al herhaal nie. Nogtans is dit dikwels moontlik om parallel-situasies te vind. Mens kan byvoorbeeld sekere ooreenkoms tussen die situasie van 'n vyftig jaar gelede, die situasie waarin ons ouers hulle bevind het gedurende wat gewoonlik die „tweede Afrikaanse Beweging“ genoem word, en dié wat bestaan het in Europa toe die Italiane, die Franse en die Nederlanders ontwaak het tot die feit dat hulle afsonderlike volke was elkeen met

'n eie nasionale taal. Vir die huidige situasie ontbreek daar enige parallel (of om meer beskeie te wees, kon ek so 'n parallel nie vind nie).

Die historiese gang wat tot die huidige situasie van die Afrikaanse intellektuele gelei het, kan kortliksoos volg saamgevat word. Vanaf die tweede besetting van die Kaap deur die Engelse, toe die intellektuele verkeer tussen die Vasteland van Europa en Suid-Afrika byna totaal afgesny is, het die Afrikaner-kultuur selfstandig en in 'n groot mate in isolasie ontwikkel. Die vertrekpunt, vir Europa sowel as Suid-Afrika was die Agtiende-eeuse, hoofsaaklik Fransgedomineerde, opperkultuur, maar die ontwikkelingsgang verskil totaal. By die Afrikaner lei dit tot die vorming van 'n mensetipe wat intellektueel nog vaskleef aan die veronderstellinge, geloofsoortuiginge en selfs die gedragspatrone van die agtiende eeu, verander miskien in die lig van die ervarings van 'n eeu van pionierswerk en stryd vir nasionale onafhanklikheid. Seer sekerlik is die Afrikaanse kultuur ook deur die Engelse kultuur van die negentiende eeu beïnvloed, maar in hoofsaak slegs deur die aspekte wat by die algemene agtiende-eeuse gesindheid aanklank kon vind.

Aan die begin van die twintigste eeu ontstaan daar weer moontlikhede van 'n lewendiger verkeer met die Vasteland en Afrikaanse geleerde begin hoe langer hoe meer na Nederland en Duitsland te gaan vir verdieping en uitbreiding van hulle wetenskaplike kennis. Gedurende die eeu van isolasie het die Afrikaner egter 'n afgeslotenheid ontwikkel, en as ons vandag terug kyk, verbaas dit ons om te sien hoe min ontvanklikheid hierdie mense toon vir die meer rewolusionêre strominge in die nuwe Europese kultuur en hoe die jong Afrikanerstudente in Europa destyds kontak gesoek het met die mees konserwatiewe intellektuele kringe.

Vandag belewe ons presies die teenoorgestelde, naamlik dat jong Afrikaners 'n onoordeelkundige oopheid aan die dag lê vir allerlei opvattinge wat in die Suid-Afrikaanse sosiale konstellasie kultureel skadelik mag wees. Dit geld nie net vir jong mense wat oorsee gaan studeer nie, maar ook en miskien selfs meer nog vir die wat in Suid-Afrika bly. Simptomaties in hierdie verband is die huidige belangstelling in die Eksistensialisme wat by ons nooit meer as 'n mode-verskynsel kan wees nie omdat die ervaringsbasis in die gevoel van verydeling en die ondergangsvrees by ons in baie geringe mate aanwesig is.

Die huidige oor-ontvanklikheid het baie oorsake. As

gevolg van die abnormaal-snelle industrialisasie van Suid-Afrika sedert die twintigerjare het daar hier toestande ontstaan waardeur sekere moderne Europese opvattinge veel meer aanneemlik lyk as wat hulle vyftig jaar gelede gelyk het. Die Afrikaner het in groot mate verstedelik en het meer as ooit in die negentiende eeu toegetree tot die beroepe en het sy eie intellektuele élite gevorm. Afgesien van hierdie faktore was 'n reaksie teen die Negentiende-euse Afrikaner-kultuur vroeër of later te wagte. Trouens die reaksie het in die Tweede Beweging van die eerste dekades van die eeu reeds begin. Een belangrike faktor is egter dat daar nie genoeg besef word wat op kulturele gebied in Europa en in Suid-Afrika in die Negentiende eeu gebeur het nie.

Die Afrikaanse Negentiende eeu toon nogal heelwat ooreenkoms met die Europese Middeleeue, maar dan 'n middeleeue gesnoei van een van sy mees kenmerkende lewensaspekte, die stad. Voordat iemand my daarvan verdink dat ek met so 'n bewering die Afrikaner van die Negentiende eeu verkleineer, wil ek daaraan toevoeg dat ek dit jammer vind dat ons kulturele lewe nie meer Middeleeuse trekke openbaar het nie. Hoe meer mens bekend raak met die geskiedenis van die Middeleeue, hoe minder grond vind jy vir die algemene opvatting dat die Middeleeue 'n donker en wrede tyd was waarin die mense in ellende, onsekerheid en ongeluk gelewe het. Die veragting van die Middeleeue berus op 'n oorskattung van die kultuur van die moderne periode.

Ek wil net 'n paar van die ooreenkomste noem, die wat vir ons intellektuele geskiedenis van die meeste belang is. Hoewel die Afrikaanse volk reeds in die sewentiende eeu sy taal ontwikkel het en as 'n aparte kultuurgroep bestaan, aanvaar hy 'n vreemde taal, Nederlands, as kerktaal en as die taal vir beskaafde omgang. Dit is gedeeltelik verklaarbaar uit die oorheersende posisie wat die kerk en die godsdienst in die lewe van die enkeling en die gemeenskap speel, wat ook weer 'n Middeleeuse trek is. Dit is wel 'n Protestantse kerk, maar let op die feit dat dit in werklikheid, hoewel daar aan die einde van die eeu drie kerkgenootskappe bestaan, daar nogtans net een konferensie is. Die noue verband tussen onderwys en die kerk wat vir 'n groot deel van die eeu bly bestaan, herinner ook aan die Middeleeue. Hiermee hang saam dat daar by ons net soos in die Middeleeue 'n betreklik klein aantal kultuuridees met 'n sterk godsdienstige strekking bestendig gedomineer het. Net soos die mense van die Middeleeue het

die Afrikaner van die negentiende eeu sy ketterye en sy ketterjagte gehad, maar oor die algemeen streng ortodoks gebly. Ons was selfs meer ortodoks as die Middeleeue, want die Europese volkskultuur met sy volkswysheid en bygeloof wat dikwels tot die heidense tyd terug gegaan het, het by ons ontbreek. Dit is aanloklik om die analogie verder deur te trek, maar dis 'n versoeking wat mens moet weerstaan.

Vergelyk nou die lotgevalle van die Wes-Europese kultuur van die Negentiende eeu met hierdie bestendige ontwikkeling. In Europa is daar gedurende hierdie eeu drie prosesse aan die gang waardeur die volkskultuur vernietig, die opperkultuur van sy basiese sekerhede beroof en die persoonlikheidstruktuur van die mens radikaal verander word. Hierdie prosesse is: die ontstaan van die proletariaat wat besiel met 'n militante godsdiens, die Marxisme, vyandig staan teenoor die draers en die idees van die opperkultuur; die vervanging van die lewensbeskouing en godsdiestige oortuiging van die agtende eeuse opperkultuur deur 'n materialistiese en ewolusionistiese lewensbeskouing gebaseer op die natuurwetenskaplike denke; die megalisering en tegnifisering van die lewe deur die inskakeling van masjiene in byna alle arbeidsprosesse en selfs in vermaaklikhede en spel en 'n daaruitvolgende verlies van individualiteit.

Ons moet nader ingaan op hierdie prosesse en hulle resultate. Die opkoms van die proletariaat word meestal van Marxistiese kant beskryf en gangbare opvattings daaroor is deur die teorie van die klassestryd sterk gekleur. Die stryd van die hande-arbeidermassa van die negentiende eeu word dan gesien as 'n stryd tussen die adellike en burgerlike stande aan die een kant en die laer stand of volksmassa aan die ander kant. In werklikheid bestaan daar geen verband tussen die helotedom van die oudheid, die stadsgepeupel van die vroegmoderne periode enersyds en die negentiende eeuse proletariaat andersyds nie. Laasgenoemde is 'n verskynsel wat hom vir die eerste keer in die Geskiedenis van Wes-Europa voordoen aan die einde van die agtende eeu.

Die ontstaan van die proletariaat hang saam met die ongewone bevolkingsaanwas waardeur die blanke bevolking van die aarde tussen 1800 en 1900 byna vervierdubbel het. Die inwoners van Engeland het in hierdie tydperk aangegroeи van 9 miljoen tot oor die 30 miljoen en buitendien het Engelse koloniste oor die hele aardbol versprei. Die kulturele gevolg van die aanwas was dat die oorskot bevolking van die platteland na die stede gestroom

het, waar hulle deur die nywerheidsondernemers wat begin het met nuwe massa-produksiemetodes, as werkkragte verwelkom is. Deur hulle verplasing na die grootstad is hulle verbondenheid met die lokaal-afgegrensde plattelandse volkskultuur verbreek. In meer as een opsig kan hierdie mense vergelyk word met die ontstamde naturelle in die Suid-Afrikaanse stede. Hulle het gebreek met die tradisies van die platteland en daar was geen kulturele tradisie in die stad waarin hulle kon inburger nie. Die opperkultuur en burgerlike afskaduwing daarvan die middestandskultuur het eise gestel wat hulle nouliks kon verstaan en wat trouens in geen opsig aan hulle eie behoeftes en geestelike ontwikkeling voldoen het nie. Die uitwerking van die bevolkingstoename het in wese nie veel verskil van dié van 'n inval van barbare in 'n land met 'n hoër kultuur nie.

Die reaksie in opperkultuurkringe het verskillende vorms aangeneem. Die ondernemers het die nuwelinge as arbeidskragte aanvaar en hulle baie min gesteur aan die liggaamlik en geestelike welsyn van die mense. Hulle het daardeur onmenslike lewenstoestande laat ontstaan wat die saad gesaai het van die opstandige gesindheid wat hom later in die eeu openbaar. 'n Ander seksie het hulle bekommer oor die sedes van die nuwe arbeidersmassa en 'n gedeeltelike integrasie probeer bewerkstellig deur die organisasie van Sondagskole, interne sending. Hulle pogings het uitgeloop in verpligte onderwys en openbare biblioteke. Nog 'n min of meer filantropiese beweging was om van die oorskot wat nie gebruik kon word nie ontslae te raak deur emigrasie. Ons kan die reaksie dus opsom met drie woorde wat in Suid-Afrika baie bekend is: eksplotasie, integrasie en segregasie.

Daar was egter 'n vierde reaksie, wat in Suid-Afrika teenoor die indringende naturelle en Asiate ook voorkom, naamlik fraternisasie of verbroedering. Hierdie reaksie het saamgeheng met 'n opvatting wat teen die middel van die eeu taamlik algemeen geword het, die opvatting dat die beskawingsideale wat in Europa tot aan die einde van die agtiende eeu as onbetwisbaar aanvaar is, nou uitgedien was. 'n Nuwe mensdom met 'n nuwe godsdiens moes verrys. Op die basis van die nuwe natuurwetenskap moes daar 'n godsdiens geformuleer word en, met die nuwe proletariaat as gelowiges, moes die gevlestigde belang vernietig word sodat 'n nuwe klaslose staat kon ontstaan waarin almal gelyk, gelukkig en voorspoedig kon wees. 'n Geleerde uit die middestand, Karl Marx, en 'n ryk fabrikant, Friedrich Engels, het die profete geword van 'n nuwe geloof wat

die Christendom moes vervang. Die Kommunisme was verstaanbaar vir die nuwe arbeidermassas, dit het 'n leemte in hulle lewe gevul, en vir hulle 'n toekoms geskets wat met hulle eie wense oorengestem het. Maar dit was selfs vir lede van die ouer opperkultuur aantreklik en die kommunistiese beweging het nog nooit oor 'n tekort aan leiers uit die adel en die burgerstand kon klae nie.

Waarom dit so was, word duidelik sodra ons die geestesgekiedenis van die opperkultuurlae ondersoek. Die opperkultuur word in die sewentiende en agtiende eeu gedra deur 'n intellektuele en kunssinnige bevolkingslaag wat vir 'n groot deel behoort tot die meer welgestelde ondernemers- en beroepskringe van die stad. Hierdie mense het die tyd en ontwikkelingspeil om belang te stel, hulle het die middedele om die kunstenaars, die wetenskaplikes en die dinkers ekonomies te ondersteun. Rondom hierdie kulturele élite kry ons 'n ruimer kring van belangstellendes onder die invloed van die geestelike klimaat wat deur die kulturskeppers en kultuurdraers tot stand gebring is, die opgevoede burgerstand. Gedurende die agtiende eeu vind ons dat die burgerstand in politieke en kulturele sake 'n steeds groter rol begin speel en meer en meer 'n klankbodem word vir die kunstenaar en die denker. In hooftrekke handhaaf hulle nog die tradisies van hulle voorgangers. In praktyk beteken dit dat die kunstenaar, en in die eerste plek die skrywer, minder afhanklik word van die patronaat van ryk kunsvriende en meer van die ondersteuning van 'n publiek wat sy produkte koop.

Reeds teen die einde van die agtiende eeu vind 'n verskuiving van belangstelling plaas, geleidelik ontstaan daar 'n anti-metafisiese gesindheid, d.w.s. 'n teensin in lewensbeskouings wat op bespiegeling en op tradisioneel-geworde veronderstellings berus. Daar word nou gevra na feite en na die soort verklaring van feite wat op geen of so min moontlik onbewese beginsels berus. Hierdie gesindheid lê aan die grond van die ontwikkeling van die natuurwetenskap, maar ook aan die grond van 'n steeds indringender kritiek op die godsdienstige en sedelike opvatting wat voorheen as verhewe bo alle twyfel beskou is. Onder ander word die geldigheid van alle waarde-oordele behalwe oordele oor nuttigheidswaardes in twyfel getrek. Maar die wetenskaplikes het self teen hulle eie prinsipiële uitgangspunt gesondig deur voorbarig op grond van onvoldoende feite 'n materialistiese wêreldbeskouing op te stel. Die negentienteende eeu is dikwels as 'n eeu van ongeloof bestempel. Hierdie beoordeling is maar net van 'n sekere standpunt

waar. Na die middel van die eeu is dit veel meer 'n stryd van 'n wêreldbeskouing gebaseer op die resultate van wetenskaplike navorsing teen 'n ouer wêreldbeskouing waarin die dogma-waarhede van die Christendom die deurslaggewende bestanddeel was. Dit moet egter nie vergeet word nie dat die nuwe „wetenskaplike“ wêreldbeskouing net so seer teen die meer tradisionele idealistiese wysbegeerte gekant was en dat daar binne die kringe van die Christelike teoloë mense was wat die wetenskaplike kritiek op die godsdienstige oorleweringe self toegepas het in die vorm van die sogenaamde hoër kritiek.

Die lewensbeskouing wat op die basis van wetenskaplike feite in die loop van die eeu vorm aangeneem het, was alles behalwe besielend. Dit het die aarde uit die middelpunt van die heelal geneem en daarvan 'n nietige puntjie tussen al die hemelliggame gemaak, dit het die mens van sy gewaande posisie as die kroon van die skepping afgestamp en van hom een van die diere gemaak en selfs nie eers een van die edelstes nie. Dit het gewys dat ons opvatting van die soliditeit van die stoflike dinge, hulle kleure, die klanke wat hulle veroorsaak per slot van sake op sintuiglike illusies berus. In een van sy jongste uitinge, die psigo-analise, het dit die bedenking geopper dat die kultuurarbeid van die mens, eintlik niks meer was as 'n sublimasie van sy dierlike drifte nie. En 'n sublimasie is per slot van rekening maar net 'n minder aanstootlike soort perversiteit. Daar is beweer dat die denkende mens 'n siek dier is en dat beskawing 'n epidemiese krankheid is. Die gewetelose ondernemers-kapitalisme is geregverdig op die beginsel van die stryd vir die bestaan waarin die bestes seëvier en die ander óf ondergaan óf as lasdiere bly voortbestaan. Die Kommunisme het dieselfde algemene lewensbeskouing as agtergrond, maar neem aan dat die stryd vir die bestaan nie tussen indiwidue gevoer word nie, of ten minste nie in die eerste instansie nie, maar tussen klasse wat by die mens iets van dieselfde superindiwiduele bestaan verkry as die soort by die diere. Die groter aantreklikheid van die Kommunisme vir baie mense lê juis in sy beklemtoning van lojaliteit aan die soort mens, die proletariese klas, waartoe jy behoort of waarby jy jou skaar. Die individu kan opgeoffer word, as die soort maar bly bestaan.

Hierdie tipe opvatting het die letterkunde van die laaste dekades van die negentiende eeu deursuur, in die twintigste eeu het dit hoe langer hoe duideliker en openliker tot uiting gekom en dit is vandag nog oorheersende motief in die populêre lewensbeskouing waar dit soms in 'n eienaardige

kombinasie met ouer tradisionele motiewe voorkom. Mens kom dit o.a. teen in die strokiesprent-tydskrifte.

Intussen het hierdie negentienteende eeuse „wetenskaplike” opvattings self ouderwets geword. Die kritiese wetenskaplike denke het hom teen die wetenskap self gekeer, en die betekenis van die kennis van die werklikheid wat die wetenskaplike navorsing oplewer self in twyfel getrek. By nadere besinning het dit geblyk dat ons met alle hulpmiddels van die wetenskap niks van die werklikheid self kon leer nie en dat die teorieë van die wetenskaplikes maar net hoogs eensydige beelde was met 'n sekere nuttigheidswaarde. Daaruit kan ons nie bepaal wat die mens is en wat sy plek in die natuur is nie. Hierdie ontwikkeling het al die dogmas van die natuurwetenskaplike lewensbeskouings van hulle fondament berowe. Aan die begin van die tweede helfte van die twintigste eeu word die West-Europese kultuur feitlik gedwing om op intellektuele gebied opnuut te begin, sy probleme van vooraf weer te stel en te ondersoek. Hierdie feit het egter nog net tot 'n uiters beperkte kring deurgedring; materialisme en kommunisme geld in breëre kringe nog altyd as wetenskaplik.

Oor die derde faktor hoef ek nie veel te sê nie. Voor die industriële rewolusie was elke voorwerp wat vervaardig word feitlik 'n unikum, dit het die smaak van die besteller en die kunsvaardigheid van die maker in hoë mate weerspieël. Daar mag 'n enersheid van styl bestaan het — die algemene patroon was gewoonlik dieselfde — maar elke stuk het sy eie afwykings vertoon. Hierin lê byvoorbeeld die aantreklikheid van antieke meubels. Industrialisatie beteken egter massa-produksie en dit beteken normalisasie. Met die smaak van die enkeling kan daar nou nie meer rekening gehou word nie, die gemiddelde smaak van 'n groep moontlike gebruikers moet in aanmerking geneem word. Hoe groter die groep, hoe swakker die kunsgehalte, hoe sterker die klem op utiliteit en goedkoop weelde.

Reeds die gebruik van genormaliseerde voorwerpe het 'n nivellerende uitwerking, dit normaliseer die gebruikers ook. Maar hierdie gelykmakende tendens word verder ondersteun deur die wetenskaplike lewensbeskouing wat die mens reduseer tot 'n eksemplaar van 'n dieresort en veral deur die kommunisme wat 'n gelyke verdeling van goedere en 'n genormaliseerde behandeling van die mens voorskryf. Voeg daarvan toe dat die verpligte onderwys in praktyk 'n genormaliseerde geestesinhoud aan alle leerlinge wil bybring en hulle deur eksamens wil yk tot eners toegeruste goeie staatsburgers afgesien van aanleg, intelli-

gensie, geslag of ras. In hierdie opgedwonge gelyke kondisionering van die mens bestaan die proletarisering of vervorming tot massa wat die grootste kultuurgevaar van die twintigste eeu is.

Hierdie ontwikkeling is in direkte stryd met die ver-naamste wesenstrek van die Wes-Europese kultuur soos dit in die afgelope drieduisend jaar tot uiting gekom het. In ons kultuurkring is die nadruk nog altyd gelé op persoonlikheid as 'n ontwikkeling van eie aanleg en vermoëns ooreenkomstig outonome norme, d.w.s. norme wat elkeen vir homself stel op grond van eie keuring en kennis. Ons voorvaders het altyd geveg teen die opdringing van norme van buite en hierin lê die kern van elke stryd vir vryheid. Tensy die mens van Wes-Europa, en ons as Wes-Europeërs ons vryheidzin totaal verloor het, kan 'n rebellie teen die normalisasie wat tans deur die masjien en 'n meganistiese lewensbeskouing opgedwing word, met stelligheid verwag word.

Die reaksie van die skrywer in Wes-Europa op die situasie wat ontstaan het, kan verskillend wees en hang baie af van sy opvatting van sy funksie. Hy kan sy beroep bloot van 'n ekonomiese of nuttigheidstandpunt beskou. Hy lewer 'n produk wat vir hom wins moet aflewer en hy sorg dan dat dit 'n produk is wat aanpas by die gestandaardiseerde lae mentaliteit van sy publiek. Gewoonlik is hy self 'n resultaat en slagoffer van die prosesse wat ons beskryf en sal sy produk sonder enige inspanning die massagees tot uiting bring.

Maar hy kan in opstand kom teen die gees van die eeu, hom afsonder van die gemeenskap en slegs skryf vir geesverwante. Dan kan dit maklik gebeur dat sy geskrifte, behalwe vir 'n klein groepie ingewydes, onverstaanbaar word.

Ons kan nou terugkeer na die situasie in Suid-Afrika. Hoe het die geestelike ontwikkeling van Europa ons geraak en hoe raak dit ons tans? Die politieke verowering van die Kaap deur Engeland was een van die faktore wat tot ons kulturele isolasie geleid het. Dit het ook een van die aanleidings gevorm van die politieke isolasie van die deel van die Afrikaners wat deelgeneem het aan die Groot Trek. Ons eerste aanraking met die nuwe Europa was ekonomies en het gekom na die ontdekking van diamante en goud. Ons kan praat van 'n ekonomiese verowering wat vanaf die negentigerjare begin. Dit lei tot die stigting van nywerheidskolonies, waarvan eers Kimberley en later Johannesburg die grootstes was. Hierdie kolonies staan egter in baie

groot mate los van die Boeregemeenskap, hulle beïnvloed wel die ekonomie van die land, verskaf geleenthede wat vroeër nie bestaan het nie, om wins te maak uit landbouprodukte en transportdiens. 'n Aantal Afrikaners word na die nuwe stede getrek, maar die direkte kulturele invloed bly betreklik gering. Daar word egter 'n magtige finansiële en ekonomiese struktuur in die Boerestate opgebou waaraan die Afrikaner min aandeel het. Die hele situasie veroorsaak 'n uitbreiding van die staatsmasjinerie, maar baie van die belangrikste poste word deur uitlanders beset. Die Afrikaner het reeds in groot mate die ekonomiese beheer oor sy land verloor toe die Tweede Vryheidsoorlog uitbreek en hom die politieke beheer ook ontneem.

Na die wapens in hierdie stryd neergelê is, het begin wat advokaat Pirow onlangs die „Derde Vryheidsoorlog“ genoem het. Die verloop van die politieke sy van hierdie stryd is bekend genoeg. Die ekonomies-sosiale sy daarvan is meesterlik behandel deur professor S. Pauw in sy werk: *Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad*. Daarin skets hy hoe die Afrikaner homself van onder af meester gemaak het van die beroepe, die staatsdiens en die handel en nywerheid; meester in die eerste instansie nie deur sy kapitaalkrag nie maar deurdat hy geleidelik meer en meer poste beset het.

Die kulturele implikasies van hierdie stryd is egter nog nooit so ver my kennis strek behoorlik nagegaan nie. Ek sal ook nie probeer om dit hier te doen nie. Dit het egter een gevolg gehad wat hier vir ons van belang was: Vir die eerste keer word daar 'n Afrikaanse intellektuele élite gevorm wat ten volle besef dat die Afrikanervolk ook kultureel onafhanklik moet wees. Ek vrees dat ons sal moet aanneem dat hierdie insig die resultaat was van politieke noodsaaklikheid. As ons die geskrifte van die manne van die Tweede Beweging nagaan, word jy getref deur die feit dat hulle Afrikaans in die eerste plek as 'n wapen beskou, 'n middel tot besieling en tot die aanwakkering van nasionale trots. Een van die redes waarom ons in hierdie periode so min ontvanklikheid toon vir Wes-Europese kulturele invloede is waarskynlik dat ons aandag en kragte ten volle in beslag geneem is deur ons nasionale stryd.

Met die indringing van die Afrikaner in die nywerhede en die mynbedryf en die daarmee saamhangende verstedeeliking, begin daar langsamerhand toestande ontstaan wat vir die vorming van 'n proletariese houding gunstig is. Ongemerkt het daar in ons stede 'n tipe mens begin ontstaan

wat oop was vir die gedagtes wat in die buiteland deur die leiers van die proletariaat verkondig is. Die groot gevaar was nie, en is ook vandag nie, dat groot getalle van die Afrikaanse hand- en ambagsarbeiders kommunisties sal word nie. Daarvoor was en is die kleurgevoel nog te sterk. Die gevaar is veel meer dat hulle hulself teenoor ander Afrikaners as proletariaat sal begin voel en gedra. Die houding van ons ontwikkelende intellektuele élite sal hier ook van betekenis wees. Sluit hulle hulself af as 'n kulturele opperlaag wat geen pligte en verantwoordelikheid teenoor die volk as geheel erken nie, dan moet 'n gevoel van ressentiment by die ander lae van die volk verwag word.

Intussen ondergaan alle lae van die volk die onvermydelike gevolg van die massa-produksie, naamlik die normalisasié en verlies van persoonlikheid. Ons het die Engelse onderwysstelsel feitlik ongewysig oorgeneem en dit met verloop van tyd slegs administratief gewysig en ons gebruik dit soos dit in Europa gebruik word om standaardmense te kondisioneer. Solank dit die geval is, help dit ons niks dat om en by negentig persent van die onderwysers Afrikaners is nie en dat ons die geskiedenis en aardrykskunde van Engeland in die leerplan vervang het met die geskiedenis en aardrykskunde van Suid-Afrika nie. Buitendien is die peil waarop ons tevrede was om te standaardiseer eerder laer as hoër as dié van die ander Wes-Europese lande. Dit is die produkte van die skole en die slagoffers van genormaliseerde gebruiksgoedere wat die publiek vorm van ons skrywers. Die skrywers is afhanklik van die publiek, want die uitgewery is uit die aard van die saak 'n onderneming wat winste moet afwerp. Winste kan alleen verkry word deur 'n gestandaardiseerde produk wat beantwoord aan die smaak van die grootste deel van die publiek.

Dit is een kant van die saak. Die ander sy is dat die skrywer self hoe langer hoe meer onder die invloed kom van die kielwater van die Europese denke. Die tans reeds verouderde negentiende eeuse materialisme begin 'n sterk invloed uitoefen. Die invloed was al vroeër daar, maar die noodsaklikheid om lippediens te doen aan die sedelike en godsdienstige opvattings van ons eie negentiende eeu is tans veel minder as 'n generasie gelede en die sogenaamde wetenskaplike lewensopvattinge kan met veel minder terughoudendheid uitgespreek word. Dat mens met groter vrymoedigheid en openhartigheid kan sê wat jy dink, is 'n belangrike vordering op die weg na selfstandige denke. Maar waarom sal ons 'n rigting volg wat deur die intellek-

tuele leiers van die Wes-Europa van ons eie dae as oppervlakkig en ontoereikend veroordeel word.

Hierin moet u nie 'n pleidooi sien vir terugkeer na die ou paaie of vir verdere isolasie nie. Wes-Europa het hom in die twintigste eeu kultureel en filosofies vasgeeloop; hy staan in baie opsigte aan die begin van 'n nuwe ontwikkeling waarby ons kan aanknoop sonder dat ons self sy dwaalweë van 'n honderd jaar hoef te volg. Ons moet nouer kontak met die Wes-Europese denke vind, maar laat ons dan aanknoop by wat daar tans kiemkragtig is.

Ek vrees dat ek in my titel meer belowe het as wat ek gee. Ek glo egter dat ek genoeg kontensieuse bewerings gemaak het om 'n lewendige diskussie uit te lok en ek wil sluit met 'n samevatting van die posisie van die Afrikanerskrywer van ons dae soos ek dit sien. Hy staan voor twee probleme. Die een is 'n publiek wat op 'n betreklike lae niveau gestandaardiseer is en wat van hom produkte van 'n lae gehalte verwag. Kan hy tevrede wees met hierdie toestand, en so nie, wat kan en gaan hy daaromtrent doen? Die ander is die probleem van sy eie lewensbeskouing. Gaan hy ongemerk en amper onbewus uit die populêre geskrifte van die buiteland 'n verouderde lewensbeskouing op hom laat inwerk? Of gaan hy bewus 'n eie lewensbeskouing vir homself uitwerk en daarby gebruik maak van die kennis en ervaring van die Europese dinkers wat tans in verset gekom het teen die dogmas van die negentiende eeu.



Dr. P. C. Coetze, bibliotekaris van die Universiteit Pretoria.

Verse van Paul Éluard

(uit die Frans vertaal deur Uys Krige)

EK HET JOU DIT GESÉ VIR DIE WOLKE

Ek het jou dit gesé vir die wolke
Ek het jou dit gesé vir die seetakkie
Vir elke golf vir die voëls in die blare
Vir die spoeklippies
Vir die vertroude hande
Vir die oog wat gelaat word of landskap
En die slaap gee hom die hemel terug van sy kleur
Vir die ganse gedronke nag
Vir die traliewerk van die paaie
Vir die oop venster vir die ontblote voorkop
Ek het jou dit gesé vir jou gedagtes jou woorde
Alle teerheid alle vertroue word bestendig.

1929

LIEFLING . . .

Liefeling omdat jy my begeertes verbeeld het
Jou lippe geplaas het teen die hemel van jou woorde
soos 'n ster
Jou soene in die lewende nag
En die skuimpad van jou arms om my
Soos 'nvlam as teken van oorwinning
Leef my drome op aarde
Helder vir altyd.

En wanneer jy nie hier is nie
Droom ek ek slaap droom ek ek droom.

1929

MET MY VOORKOP TEEN DIE VENSTERS

Met my voorkop teen die vensters soos hulle wat waak
oor hul verdriet
Hemel waarvan ek die nag oorskrei het
Klein-klein vlaktes in hul dubbele horison roerloos onver-
skillig
Met my voorkop teen die vensters soos hulle wat waak
oor hul verdriet
Soek ek jou anderkant die afwagting
Anderkant myself
En ek het jou so lief ek weet nie meer
Wie van ons twee is afwesig nie.

1929

EK HET NET LUS . . .

Ek het net lus om jou lief te hê
'n Storm vul die vallei
'n Vis die rivier

Ek het jou gemaak na die maat van my eensaamheid
Die ganse wêreld om in weg te kruip
Dae nagte om mekaar te verstaan

Om nikks meer in jou oë te sien nie
As wat ek van jou dink
En van 'n wêreld geskape na jou beeld

En van dae en nagte gereël deur jou oogledes.

1936

MET DIE EERSTE HELDER WOORD

Met die eerste helder woord met die eerste lag van jou vlees
Verdwyn die swaar pad
Begin alles weer oor

Die skugter blom die blom sonder sug van die nagtelike hemel
Die versluierde hande van my lompheid
Kinderhande

Lig ek my oë na jou gelaat daag dit oor die aarde
Die eerste geslote jeug
Die enigste plesier

Haard van aarde haard van geure en van dou
Sonder ouderdom sonder oorsake sonder skakels
Die vergetelheid sonder skaduwee.

1939

Voor die Muur

J. S. RABIE

Dit vul die horison voor ons. Dit is waarheen ons gaan.

Sodra ons in die speelgrond uithardloop, sien ons dit, en weet ons. As een van ons simpel genoeg is om meer daaroor te wil weet, vertel ons hom: „Dis die muur,” of „dis die end van die speelgrond,” en trek hom ongeduldig saam om te gaan speel. Ons gee luide krete, ons voel ons harte bons met die hartstogtelike en pragtige betekenis van ons spele. Kruis en dwars storm ons soos vreugdeleërs wat steeds meer glimlagge en behae en lus op ons jeug afwen. Skamerig toon ons ons gulsigheid vir liefde, en leer al rapper om die steeds meer ingewikkeld arabeske van speel te bemeester. Die groen gras strek so eindeloos soos die hemelsblou; daar is geen grens aan die vreugde wat ons in ons spele ontdek nie.

Maar soms sien ons iemand se gesig in 'n ernstige, fronsende staar gelig, en dan weet ons onmiddellik hy sien die muur.

Ons lag vir hom, ons mag selfs gaan stilstaan en hom vertel hy is verspot om sy nek so te verrek. In die geesdrif van die spel het ons skaars 'n glimp op die muur gekry, en toe het dit ver en onopvallend soos dit 'n muur betaam gelyk; ons vertel hom dit met bejammering, want ons onthou hoe 'n selfbewuste en lompe speler hy was.

„Komaan, ons het 'n nuwe speletjie versin!” roep ons.

Of ons vertel hom gul: „Komaan, jy kan nou geneesheer wees.”

Nooit word ons moeg vir die spel van die geneesheer en die nabootsende kudde nie. Dit is opwindend om te sien hou jou buurman byvoorbeeld 'n wortel wat hang aan 'n stok deur sy toneelspel naboots, maar omdat ons almal daarin is, neem niemand aanstoot nie; ons is so hartstogtelik onder die ban van dié spel, dat ons dit altyd weer speel. Iedere keer probeer ons om iemand met splinternuwe idees te kry, en aldus kan die eerbewys van geneesheer te wees, selfs die swakste spelers te beurt val. Wanneer teenstrydige twiste ontstaan, ontstel dit ons nie; hoe ingewikkelder hoe verwilder word ons spele: aldus leer ons om bedrewe in spel te wees.

Maar hulle wat ons mettertyd: Dié van Die Ontstelde Staar begin noem, word selfs vir dié spel moeg.

Dit besorg ons ernstige kommer: hulle verloor hul belang-

stelling in so 'n mate dat hulle nie langer gehoor gee as dit hulle beurt is en ons hulle op hul name roep nie. Dit is duidelik die muur het deur hul oë gedring en besit van al hul begeertes geneem. En as sulke ongelukkige persone eenmaal hul name totaal vergeet en onbekwaam word om deel te neem aan ons spele, doen hulle 'n skrikwekkende siekte op, begin hulle op hul eie dans. Elkeen alleen.

Hulle dans vir die muur.

Met skrik op hul gesigte en ledemate wat verwring, dans elkeen op die maat van 'n musiek van sy verbeelding. Sommige bly aan die grond gewortel en worstel met hul angs soos 'n Jakob; sommige hardloop tot hul 'n wanhopige stilstand bereik.

Ons ken óók 'n soort dans: dié van die man en die vrou. Maar selfs dan word ons ritmes bepaal deur dié van ons teenvoeter, sodat hulle altyd afwisselend span en ontspan, net so vrugbaar sirkelvormig soos die spel. Nooit dans ons voor stilte en onbeweeglikheid nie.

Dit is verlate waansin om voor die muur te dans: eenmaal toe 'n kind van agter teen hom aanbots, het 'n dergelike ontsinde danser selfs omgespring en sy vuiste moorddadig gelig en gelig.

Ons ken óók die wedren om uit te munt of te besit, maar dié norse neiging word tot 'n minimum ingeperk deur reëls van gedrag; alles wat onbeteueld openlik is, kan ons skeidsregters nie toelaat nie, en hulle moes die man vasgryp en hom beskuldig van geweldpleging onder die invloed van jaloesie. „Ons sal jou na die muur moet stuur,” het hulle laat hoor.

„Maar sien julle nie hoe hulle agter ons kom nie!” het die man gehyg terwyl hy wys na waar die speelgrond agter ons wemel, „sien julle dan nie hulle stoot ons aan na die muur nie!”

„Dwase gebeusel!” het ons skeidsregters streng laat hoor. „Ons weet jy is jaloers. Ons weet die kind se moeder het jou vir 'n ander man verlaat.”

Dit is om sulke waansin te voorkom dat ons mooipraat met hulle wat dans vir die muur, en hulle die hoër wysheid van die spel voorhou. „Dit bevat geweld getemper binne die gebaar,” vertel ons, „en altyd ondergeskik aan die moontlike inherent in die daaropvolgende. Die spel is ons hoogste ontwikkeling omdat dit swierlik en nederig neig om tyd te verstrooi. Geweld is die onreg van tyd brutal openbaar.” Ons lug selfs ons verontwaardiging in dreigemente, met die wyse oogmerk om hulle angs vir die muur deur 'n meer onmiddellike gevaaar te vervang.

Maar die ongelukkiges luister selde na rede.

„Julle hoogste en edelste leer slegs om onverskillig teenoor die muur te staan,” antwoord hulle.

En daar is 'n ongeduld soos haat in hul oë omdat ons hulle dan onderbreek.

So het die man wat ons na die muur gestuur het, ons aangekyk. „Julle vrees my,” het hy bewend oor sy hele lyf gesê, „omdat julle bang is om na die muur te kyk.”

Ons onthou, en verhef ons stemme om te straal bo geheue se duister wat uitreik om die toekoms te versper: „Maar wat wil julle hê van die muur? 'n Mens kan dit tog nie liefhê nie!”

„'n Mens kan dit haat!”

En hulle voeg trots en uitdagend by: „As dit onvermydelik is, kan dit nog veronagsaam, nog bemin, net gehaat word. Gehaat!”

„Maar die moontlike! O, om teen die onvermydelike in te bly glo!” roep ons vurig uit. Soms raak ons van mekaar geskei deur die geesdriftige gewoel van die spelers rondom ons, maar aldus, altyd op dié hartstogtelike stelling van die moontlike, eindig al ons gesprekke, en altyd brand ons harte vir hulle en hul vertwyfelde trots. Ons is bome van deernis dan wat in al die takke van ons skepping bewe; al die liefdevolle wetenskap van ons wil om skoonheid en 'n rotsvaste doel deur middel van die spel te skep, sidder deur ons met 'n pylpunt pyn om ons nog meer aan te spoor. Want dit is die paradoks, dat ons oplaas van dié ongelowiges van die ontstelde staar kan leer, die uiteindelike kuns van die spel: hoe om te glo.

Die muur vul die horison voor ons.

Dit het 'n ander gestalte en kleur en felheid van skrik of nabyheid vir elkeen van ons. Ons oë word dof en ons ledemate te slap om langer besiel te kan word deur die mag van gebaar of woord; maar nog altyd weerhou die spel ons van vooruit te kyk na die muur.

Dit is waarheen ons gaan.

W. van Heerden

HOSPITAAL

1. DIE LANG NAG

Die spuit het soos 'n spreek die pyn versag,
maar ook tot iets kwaadaardiger omskep:
die grot van daardie innerlike nag
was eindeloos met beelde angs behep.

Wan en toevallig het uit die begrip
slegs rafels van bewustheid nie verdwyn;
verdraaide frases stol tot iets soos klip
wat om en om gerol word in die brein.

Geen lig van buite af en geen geluid
dring tot my in, en nik hier binne wyk;
die steeds-herhalende obsessies stuit
hul nie, en daar word nooit 'n slot bereik.

In die verslapte liggaam wroeg die gees,
met geen verposing uit vermoeienis,
deur die verdiepings van verborge vrees,
tot dit nie ver meer van die dood self is.

2. OGGEND

Uit dié geslote kerker, kuil van skrik,
—eneindig ver van stetoskoop en spuit,
bruin flesse en gekalibreerde kwik —
spoel ek hier in die grys-blou skemer uit.

Deur hoë helder ruite sien ek nou
die somer-daeraad en weet: ek leef.
Die nagverpleegster nader saggies, vrou
die wit komberse reg. En ek vergeef

die lewe alles, en ek dink hoe goed
die aarde is. Dof deur die pyn en vaak
lê ek en luister na die eerste soet
geluide van die grootstad wat onthaak.

Die Afrikaanse Wêreldbeskouing

ANDRIES ALBERTS

Die sinsnede Afrikaanse wêreld- en lewensbeskouing is al baie gebruik, maar nooit in so 'n belangrike sin as toe daar op 'n konferensie van uitgewers gesê is dat slegs manuskripte wat daaraan voldoen gepubliseer behoort te word nie.

Hoewel 'n mens nie van sakemanne kan verwag om die literêre implikasies van so 'n beleidstelling te begryp nie, was daar tog praktiese struikelblokke wat hulle kon raakgesien het: Toevallig het die Afrikaner Engels as tweede taal aangeleer. Dis 'n taal waarin ook Russe, Duitsers, Indiërs, Skandinawiërs en selfs enkele Afrikaners hulle sienswyses gestel het. Vir 'n ontwikkelde Afrikaner kan daar dus nie eintlik iets weggesteek word nie. Selfs met die leek is dit onmoontlik, want elkeen sien enige rolprent in die reuse-netwerk van skouburge waarvan Engels die voertaal is.

Die tweede struikelblok is dat daar geen enkele keurder was wat wis wat die geheimsinnige Afrikaanse wêreld- en lewensbeskouing is nie. Daar is nie eens 'n professor van die Afrikaanse taal en letterkunde wat dit weet nie. Daar bestaan nie eens die elementêrste pamphletjie oor die onderwerp nie.

Die manuskripte moes dus met 'n verborge en willekeurige maatstaf gemeet word.

Ek betwyfel die bestaan van 'n Afrikaanse beskouing in die sin waarin dit gedurig gebesig word. Party mense kan maklik uitvind dat dit die teenoorgestelde is van wat hulle veronderstel het. Om te kan bestaan moet enige beskouing in die eerste instansie vry wees. Omdat dit self vry wil wees, sal dit nooit 'n skrywer se vryheid probeer beperk nie.

In die tweede instansie kan 'n beskouing slegs in dié sin bestaan dat dit van uur tot uur verander. Wysbegeerte is net soos wetenskap in ewigdurende wording. Ontwikkeling, vrye groei soos dié van die lewe self is 'n vereiste daarvan. Dis nooit 'n dooie resultaat van denkwerk of geskiedenis nie. Dis die aktiviteit van waarheidsvorsing.

Solank as wat 'n oorlosie loop, kan dit die ure aftik; maar, as die veer afgerol is, en die wyser bly op tienuur staan, dan is dit nie regtig tienuur nie. As 'n beskouing verouderd geraak het, is dit nie meer bindend nie. In die middeleeue het mense geglo dat die son en die eindeloze sterrestelsels om die aarde draai. Geen uitgewer sou dit egter vandag waag om van 'n skrywer te eis dat sy werk so 'n kosmologie moet beaam nie.

'n Ware skrywer moet elke oomblik 'n nuwe gedagte neerpen. Hy het nie die tyd nie, ook nie die reg nie, om hom af te vra wat dié of daardie oorgelewerde dogma voorskryf nie. Sy plig is om net die waarheid, die hele waarheid en niks meer of minder as die waarheid nie te skryf — al is dit in stryd met watter belang of watter dwinglandy ook al.

In beginsel is 'n skrywer se werk soos getuienis wat onder eed in 'n gereghof afgelê word. Niemand kan of mag vir so 'n getuie voorskryf wat of hoe hy moet getuig nie. Omdat hy die waarheid ten spyte van die oorgelewerde godsdiens gepraat het, is Sokrates tereggestel; omdat Zola die waarheid in stryd met die vuil politiek geskryf het, is hy vervolg. Die morele wet om die waarheid te handhaaf is die enigste kriterium wat vir 'n ware letterkunde bindend is.

Die mens is nie blywend nie; elkeen moet na sowat sestig jaar plekmaak vir iemand anders wat van voor af vir homself sal moet leer leef. So min as een mens vir 'n ander kan asemhaal, so min kan een mens vir 'n ander dink. Tog word dit hoe langer hoe uitdrukliker van ons geëis om bygelowe, modes en vooroordele, ja selfs onkunde en misverstande van eeu tot eeu in ere te hou.

Vir die denkende Afrikaner word die keuse gestel om of 'n massa oorgelewerde onsin te beaam, of te voel dat hy as 'n verraaier van sy volkskultuur gewantrou word.

* * *

Soms word dit veronderstel dat die Afrikaanse wêreldbeskouing die Calvinisme is. Dis ongelukkig nie so nie. Calvyn was 'n Franse teoloog wat in 1564 te Genève gesterf het, terwyl ons volk eers in 1652 aan die Kaap geplant is. Uit sy graf kan Calvyn ons nie sê wat hy van die Taungs-skedel of van die atoombom dink nie. Dit is fundamentele vraagstukke wat vir ons lewensbelangrik en dus beskouingvormend is.

Niemand weet wat Calvyn sou geleer het as hy vandag geleef het nie. Dis egter waarskynlik dat hy om logiese

en psigologiese redes vandag anders sou gedink het as vier eue gelede.

As ons van 'n Afrikaanse wêreldbeskouing wil praat, moet die gedagtes daarvan in hierdie eeu en in hierdie land gedink gewees het.

* * *

Die afgelope vyf jaar het ek my daarop toegelê om vas te stel wat die beweerde Afrikaanse wêreldbeskouing is. Elke woord van elke boek of tydskrif wat lig daarop kon werp, is noukeurig bestudeer en met ander in verband gebring. Elke gedagte of gedragslyn is soos in 'n blokkiesraaisel ingepas om te sien of dit die ander staaf of weerspreek.

Soms is reguit vir mense gesê dat 'n boek oor die onderwerp geskryf word en dat dit nodig is om presies te weet wat elkeen eerlik voel of dink. Baie se senuwees is deur inkonsekwensies, twyfel en tweespalt tot brekenstoe oorspan. Dis geen psigiatriese kuns om sulke mense te laat stoom afblaas nie.

Hierdie ondersoek, *wat eintlik deur 'n groep geleerde ingestel moes gewees het*, het tot die volgende gevolgtrekkinge geleid:

1. Dit word sommer losweg beweer dat negentig persent van ons volk aan die kerk behoort, en dan word dit sommer aangeneem dat almal die kerklike beskouing toegedaan is. Dit is effens oordrewe.

Al die Afrikaners wat ek intiem ken, almal wie se gedagtelewe ek ontleed het, behoort aan die kerk. Die paar kennisse wie se name nie op die registers voorkom nie, is 'n uitsondering op die reël. Hulle is skaarser as diamante. Tog is daar duisende wat met woorde en dade toon dat hulle die leer totaal, of minstens gedeeltelik, afgesterf het.

'n Hooggeplaaste staatsamptenaar van Pretoria het bv. gesê dat Christus 'n vergeestelikte mens soos die lamas van Tibet was. Hy was iemand met universitaire opleiding en tog het hy verbaas gelyk toe ek hom vra waarom hy dan nog aan die kerk behoort. Hy het beduidie dat hy nie om die leer kerk toe gaan nie, maar om maatskaplike en ekonomiese redes, en, ook ter wille van sy vrou. Om hom te kontroleer het ek 'n ander Afrikaner gevra: „Wat is die lamas van Tibet?” Sy antwoord was: „Dis barbare soos die toordokters van Afrika.”

'n Gewilde prokureur wat 'n groot rol in ons kultuurleiding gespeel het, het gesê dat hy ter wille van sy kliënte en ook sy vrou en dogters kerk toe gaan. Met die breekkennis wat regsgelerdes eie is, het hy vir my die siel-

kunde van die vroulike geslag se behoefté aan emosiebelaaide seremonies beskryf.

Die meeste Afrikaners huldig naas hulle geloofsbeliedenis 'n magdom beskouinge wat nie deel van een wêreldidee uitmaak nie, maar sommer op 'n ideologiese chaos ronddobber. Dit behels stukkies en brokkies panteïsme, evolusionisme, naturalisme, positivisme, jogaïsme en holisme.

Selfteenstrydigheid hinder die gemiddelde Afrikaner nie. Daar is sommige uit die groot groep wat nog die suiwere leer bely, maar wie se woorde ook nie met hulle dade klop nie.

Om op grond van sensussyfers te beweer dat nege uit tien mense 'n sekere beskouing toegedaan is, is 'n bietjie oppervlakkig. Toe 'n sekere professor hierdie argument besig, het dit my blitzsnel herinner aan die Woord: „Breed is die weg wat na die verderf lei en baie is daar wat dit bewandel . . .”

2. Daardie negentig persent lewer egter nie die grootste probleem op nie, maar die vermisté tien persent plaas ons op die „horings van 'n dilemma.” Wie is hulle? Waarom is hulle weg? Is hulle die Afrikaanse wêreldbeskouing toegedaan, ja of nee? As die antwoord ja is, waarom word hulle dan nie by die negentig getel nie? As die antwoord nee is, waarom word hulle tot ons volk gereken?

As 'n man sy linkerpinkie verloor, sou hy hom nie daarop beroem dat hy nog nege vingers by hom het nie.

3. Die geskiedenis bewys dat die Afrikaner tot 'n eersterrangse beskouing in staat kan wees. Die groot gebeure is simptome van beskouingselemente wat eendag miskien deel van 'n groot ideologie kan word. Hier volg drie voorbeelde:

(a) Die feit dat ons Nederlands laat vaar, Engels verworp en ons eie taal ontwikkel het, is 'n teken van selfstandigheidsin. Ons sal in ons beskouinge selfstandig kan wees.

(b) Die Groot Trek, die Dorslandtrek en die twee Vryheidsoorloë is bewyse van 'n vryheidsin. Ons sou in ons beskouinge geestelik vry kon wees.

(c) Ons kulturele en staatkundige ontwikkeling sedert 1910 is bewyse van onwrikbare wilskrag en deursettingsvermoë wat selfs teen oormagte en wêreldstrominge kan opweeg. Ons sal 'n beskouing, as ons een kry, kan handhaaf.

4. Die armlanke-vraagstuk en ons ekonomiese agterstand daarenteen is bewys van 'n swak skakel in die ketting. Dit weerspieël wysgerige inkonsekvensies. Die Afrikaner het in die verlede die stoflike as 'n onmisbare ergernis beskou.

5. Die nasie toon baie spore van wysgerige dubbelslag-tigheid. Een voorbeeld is die staat wat biddae tydens droogtes uitroep, maar 'n weerkundige afdeling aanhou wat op suiwer wetenskaplike wyse weervoorspellings maak.

Vroeër was hierdie teenstrydighede so hinderlik dat leke dit waargeneem het, soos bv. toe hulle teen sprinckaan-vergiftiging en heliosentriese aardrykskunde geprotesteer het. Vandag is selfteenstrydigheid 'n normale toestand.

'n Metode om die selfteenstrydigheid toe te smeer is om die wêreld in terreine te verdeel, sodat elke beskouing op sy eie gebied agter doringdraad kan floreer. Op die terrein van die kerk bid die predikant dat God die krankes moet genees, en op die terrein van die hospitaal maak die dokter hulle gesond of dood. Op die terrein van die Sondagskool leer die kind dat die heelal sesduisend jaar gelede geskape is, op die terrein van die universiteit leer dieselfde student dat die aardbol ongeveer drieduisendmiljoen jaar oud is.

6. Die feit dat ons onderwysstelsel die toekomstige ekonomiese knegskap van sy skoliere ignoreer, en nalaat om die kind ekonomies bewus te maak, bewys dat ons volk nog geen pedagogie besit nie. Gewoonlik maak die pedagogie die vernaamste onderdeel van 'n wêreldbeskouing uit.

So groot was die gebrek aan 'n opvoedkundige gedagte by ons dat 'n liefdadigheidsbeweging soos die Reddingsdaadbond gestig moes word om die oudskoliere van ons onderwysstelsel te probeer red deur hulle ekonomies op te voed. Dit moes noodwendig op lapwerk uitloop, want daar is net een plek en een tyd om 'n volk op te voed, nl., die laerskool.

Die feit dat ons kinders verlore is en deur die Reddingsdaadbond gered moet word nadat hulle jare op skool en aan die universiteit was — en dat ons beroepsopvoedkundiges hulle dit nie eens aantrek nie — bewys dat ons geen *lewende* pedagogie het nie en dus ook geen *lewende* wêreldbeskouing nie.

7. As 'n boom aan sy vrugte geken word, en as die Afrikaanse letterkunde die vrug van 'n wêreldbeskouing is, dan word die aard daarvan nog 'n groter raaisel.

Die Griekse literatuur is die gestalte van 'n steekhou-dende filosofie wat nie alleen in verse nie, maar ook in marmer beliggaam is. Tipies daarvan is dat dit geen skurk of onmens beskryf nie. So volmaak as die beeld van die Venus, so is die siele van die verhaalfigure. Ulysses verkeer in oorlog met Eneas, maar die vyand is nie 'n booswig wat lieg en bedrieg, roof en verraai, suip en hoereer nie. Hy is

van die edelste mense wat geleef het; geestelik en liggamlik gesond, d.w.s. normaal. Later kon Vergilius uit hierdie skoon vyand van die Grieke die stigter en simbool van die Romeinse ryk ontwikkel.

Edipus maak sy vader dood, nie omdat die mens 'n moordenaar is nie, maar omdat die noodlot die ongeluk voorbestem. Die noodlot en die goededom word ingespan om die mens ten opsigte van slegte dade van blaam te onthef, sodat die mens doelbewus as rein, edel, intelligent, gesond en skoon gebeeld kan word. Soms word die ideale mens op die proef gestel soos wanneer 'n godin Ulysses probeer verlei, terwyl sy vrou tuis 'n soortgelyke versoeking weerstaan.

In die Afrikaanse letterkunde raak 'n man op 'n ander vrou verlief terwyl sy eie vrou aan haar eerste babetjie die lewe skenk. As die vrou dan later verontwaardig daaroor voel, word sy vir histeries, onbeskaaf en half krank-sinnig uitgekry!

Tipies van die Afrikaanse letterkunde is dat die lesers deur die skrywers, redakteurs, en uitgewers as minderwaardig geminag word.

As 'n Afrikaner met 'n mate van selfrespek sy moedertaal nie totaal wil verleer nie, moet hy maar Van den Heever se lewenseskrywing van genl. Hertzog oor en oor lees, asof dit 'n roman is. Dis immers een van die uitsonderlike boeke waarvan die figure intelligente wesens is, en waaruit dit blyk dat die outeur sy lesers respekteer.

Daar is dus niks soos die Griekse idealisme in ons literatuur nie. Daar is net 'n valse -isme wat realisme genoem word, maar in werklikheid pure banaliteit is. Van die ware realisme van 'n Zola wat sy lewe vir die waarheid, vir reg en geregtigheid kon opoffer, is daar geen spoor nie; en van die modernisme waarby die hedendaagse Engelse lettere so veel gebaat het, ook nie.

Die modernisme wat steeds meer en meer aan die Griekse idealisme herinner, beskou die mens as die kern van 'n volmaakte, harmoniese heelal — 'n heelal waarvan die grootheid, skoonheid en rykdom so onbeperk is dat die mens wat sy ewebeeld en erfgenaam is, nie anders as in wese goed kan wees nie.

As ons ons letterkunde uit banaliteit en pornografie wil red, sal ons ons beskouing van die mens as romanfiguur en van die mens as leser moet wysig. So 'n radikale wysiging impliseer weer dat ons nog nie 'n houdbare wêreldbeskouing het nie.

8. Wanneer 'n mens ons kultuur met ander vergelyk,

word jy deur 'n kontras getref. Hoewel die Grieke klein in getalle was, en 'n klein landjie bewoon het, het hulle sigbare energie en weetgierigheid aan die dag gelê. Die een denker na die ander probeer die raaisels van die lewe en die heelal oplos. Hoewel hulle oor geen wetenskap beskik nie, vors hulle onvermoeid die wese van die werklikheid, die waarheid, die goedheid, die etiese gedrag en die samestelling van die fisiese heelal na. So deurtastend torring hulle aan die vraagstukke dat hulle selfs 'n atoom-teorie ontwikkel wat eeu later deur die skeikunde gestaaf is. Hulle rus nie voordat hulle 'n insig in die wese van die dinge verower het wat as grondslag vir die Westerse beskawing kon dien nie.

Die Afrikaner daarenteen beskik oor meer fasiliteite as die ou Grieke. Ons geniet demokratiese vryheid om te dink; ons het die vrugte van baie volke se swoeg en sweet gepluk. Ons het 'n volmaakte alfabet en papier wat byna niks kos nie. Ons het vulpenne, tikmasjiene en outomatiese drukperse. Ons het reuse-biblioteke waarin enige boek uit enige taal gratis geleen kan word. Die wêreldwetenskap word vir ons deur koerante en die radio in ons leuningstoele opgedis. Ons het universiteite wat uit die oorvloed van ons ekonomiese voorspoed gedy, en waar arm studente kosteloos kan studeer.

Ons ry in motors wat die Amerikaners ontwerp het, ons dra klere wat die Engelse geweef het, ons smelt ons yster met prosesse wat die Duitsers uitgevind het, ons beoefen die regspraak met wette waaroer die Romeine gely en gestry het en ons roem op 'n beskouing waarvoor 'n Fransman sy lewe gewaag het — sonder egter om die voorbeeld te volg wat hy gestel het, nl., om vir homself te dink.

Terwyl ons so véél aan ander nasies verskuldig is, kan ons nie eens die Bantoe wat onder ons voogdyskap staan, met 'n moderne lewensbeskouing help, wat hy pleks van die Russiese kommunisme of die Britse liberalisme kan gebruik om hom op so 'n manier te ontwikkel dat hy ons voortbestaan nie hoef te ondermyn nie.

Ons is besig om nasionale sowel as kulturele selfmoord te pleeg, net omdat blinde leiers ons wysmaak dat mense wat eeu lank al dood is vir ons moet dink.

9. Onder ons jonger geslag ontplooï stadig maar seker enkele andersdenkers. Hulle grondslag is die feite van die wetenskappe en hulle lei daarvan en van hulle eie sielslewe 'n moderne wêreldbeskouing af. Hierdie beskouing is dieselfde as hulle handel en wandel. Dit hou tred met elke nuwe klokslag, ontdekking of denkriëting.

Hierdie enkelinge geniet nêrens enige erkenning nie. Hulle het geen organisasie nie, en kan nie met getalle propaganda maak nie. Hulle vertroue lê nie in mag en krag nie, maar in waardes en in waarheid; in egtheid en in oregtheid.

Hierdie groepie vergader nie op die hoeke van strate of in geboue om vir melodramatiese vertoon met die arms te swaai nie. Hulle gedra hulle stil en die eerste en laaste les wat hulle leer is om te swyg.

Die geestelike dissipliene wat hulle bestaansvoorraarde is, maak hulle sterk — 'n gesonde kern vir die toekomstige intelligentsia van ons volk.

Hierdie enkelinge se oortuigings mag 'n beskouing genoem word, want ditstryk met die wetenskappe en met hulle lewenservaring. Dit mag Afrikaans genoem word, want dit het in hierdie land ontstaan en word hier toegepas.

Dis ook verwant aan tydgenootlike beskouinge in ander lande en dit nader die ideaal van 'n universele wêreld- en lewensbeskouing.¹

1. Hierdie artikel vorm die voorwoord van 'n nog ongepubliseerde boek.

J. C. Coetzee

KERKHOF

'n Swye hang hier oor die dodeskaar
waar almal verteloos na binne staar.

Hoe swyg hul ademloos en eensgesind! —
die grysaard saam met die volleerde kind,
die ryke nou uit sy besit ontwar,
die bloedjong maagd in skugterheid verstar,
die idioot met nuwe waardigheid
wat spotters in die dorpie sag verwyt.

Hoe ons ook trag, kortstondig, is ons rou,
want dodes kry meteens dié ander trou
en lê hier vreemd en van ons afgewen
waar hul vooruit die nie-bestaan verken,
genees van elke aanspraak of belang.
Verslaan is dus die smart wat nog hier hang.

Maar skielik word omhelsing soos 'n snik,
die liggaam waardeloos en wonderlik
en poësie drup uit die Dood se swye.
Oneindig vloeи die deernis uit hul lye
wat soos 'n skaar viole aanhou pleit
vir ruimer liefde se hulpvaardigheid.

Hier om my lê en swyg die bonte skaar
waar almal saam die groot geheim bewaar.

Elegie voor de Rechter

ANDRÉ DEMEDTS



I

Te Molden was Rechter Everardus Goeminne, een man met een horrelvoet en een rechtschapen hart, een beminde persoonlijkheid. De inwoners keken eerbiedig naar hem op en zouden nooit geduld hebben dat een straatjongen de spot met hem dreef, door lichtjes te hinken zoals hij deed, of een vreemdeling, die hij op de rechtbank had moeten straffen, zich kleinerend over hem uitliet. Daarentegen was hun genegenheid zo gezond en vrij van alle dweepzucht, dat zij het steeds met een glimlach en een vleugje schalksheid over hem hadden.

Bijna dertig jaar geleden was Mijnheer Goeminne te Molden benoemd. Toen reeds was het gordijn gevallen, tot slot van het treurspel waarin over zijn verder levenslot werd beslist. Het meisje van wie hij, die een verstandig man was, op een onverstandige manier had gehouden, was getrouwd met iemand die licht minder van haar hield, maar geen lichamelijke letsels bezat. Vrouwen die zich die geschiedenis herinnerden, ergerden zich nog jaren later aan hetgene zij een onvergeeflijke gemeenheid heetten. Die Anna was een onmogelijk schepsel, zeiden zij, zonder het te beseffen wel enigszins beïnvloed door het feit dat haar lichamelijke schoonheid die van haar meeste mededingsters ver overtrof. Alles ineens had zij gegrepen: geld en een man zonder gebreken, een verzekerd bestaan en liefde die



Dr. Dirk Coetze, Sekretaris van die Afrikaanse Skrywerskring.

alles behalve met medelijden kon worden verward. Die Anna was nooit waard geweest dat de rechter iets anders dan minachting voor haar overhad en toch werd beweerd dat hij al die jaren om haar was blijven treuren. Nooit had een andere vrouw iets meer betekend voor hem dan een naaste, meestal vervelend en onbetrouwbaar bovendien, die hij om God moest beminnen.

Wilde dieren als fazanten, hagedissen en het naamloze gespuis dat zich in de verborgenheid van velden en bossen ophoudt, planten, om het even in welke vorm, bomen met ontzaglijke kruinen die als paddestoelen uit de grond oprezen, bloeiende heesters als magnolia's, die onvergetelijk schoon en schroomvallig verkondigen dat ondanks de sneeuwbuien in April de lente gekomen is, kortmossen, zwaluwen, verlaten katten en honden, maar boven alles kinderen, de kinderen van andere vaders, dat waren de dingen waaraan zijn hart was gehecht. Zoals niemand kan leven zonder lief te hebben, is het niemand anders meer, dan toch zichzelf, zo ook had hij behoefté aan dingen waarop hij de warmte van zijn hart kon afstralen. Oude mensen die arm en lelijk waren, mochten op zijn bijzondere bescherming rekenen en vaders van zes, zeven, acht en meer kinderen, beschouwde hij als vrienden die, bij manier van spreken natuurlijk, min of meer aan lager wal waren geraakt en zijn steun niet konden ontberen.

Bewonderend prees hij hen:

— Gij zijt de ruggegraat van ons volk.

Bijna iedere morgen ging hij naar de kerk, wat hij nooit verzuimde als het slecht weder was en de lauve gelovigen ertegenop zagen uit de koesterig van hun bed in de koude alledaagsheid te treden. Hij waadde door overstromingen en smeltende sneeuwbrij, tornde tegen stormen en stortvloeden op, onwrikbaar, onverstoornbaar, met de vanzelf sprekendheid van een naturelement. Als onze lieve Heer zijn dienaar Evert Goeminne niet meer had, zou zijn laatste paladijn gesneuveld zijn.

In houwe trouwe.

In de kerk nam mijnheer de rechter een vaste plaats in. Ze was onder de kansel gelegen en daar legde hij op niet minder dan drie stoelen beslag, één om neer te zitten, één om te knielen en een derde om zijn hoed op te leggen. Het gebouw mocht stampvol zijn geperst en nog was er niemand die eraan dacht het recht van de rechter op een levensruimte, die buiten alle redelijke verhoudingen viel, te bewisten. Ten andere gebeurde het niet dikwijls dat er zo 'n drukte heerste. Op Kerstmis was zulks het geval,

wanneer de gelovigen ertoe aangezet werden door echte of vermeende herinneringen aan dichterlijke taferelen met sneeuw en hulst, flikkerende kaarsen en ingetogen stemmen, stemmen van kinderen, die zongen dat er op aarde vrede is voor de mensen van goede wil. Of op Pasen deed het zich nog eens voor, toen de kerkgangers hun nieuwe kleren aangedaan hadden en van hun zonden ontslagen waren, na de belofte dat zij uit liefde tot God het kwaad zouden vluchten.

— Als ge meer naar de kerk moest gaan, zoudt ge minder op de rechtkant moeten komen.

Zo luidde een uitspraak van Mijnheer Goeminne, die het leven kende door zijn scheppende verbeelding, niet omdat hij het aan den lijve had ondervonden. Niet door berouw, niet door vrees, was zijn persoonlijkheid gevormd; alleen het verdriet en het peinzen over de nutteloosheid van dat gevoel, later de nutteloosheid van het menselijke bestaan geworden, hadden hem wijs gemaakt.

Hij woonde op een hoek van het marktplein, in een somber herenhuis, dat vóór de Franse revolutie een kanunnik tot woonst had gediend. Achter de ramen hingen oudmodische gordijnen neer achter ruwstenen potten, waarin oude bloemen, bloemen uit de ijstijd, zoals men er soms op voorwereldlijke soorten behangpapier ziet afgebeeld, hun bestaan trachtten te rekken. Het meubilair was zwaar, donker en kostbaar, uit eik en notelaar vervaardigd; het bestond uit erfstukken die van vader op zoon in de familie gebleven waren. In de kamer waar de rechter zijn bezoekers ontving, waren de muren van boven tot onder met kasten bekleed, gevuld met de boeken, die hem bij gebrek aan kinderen hadden getroost. Mensen die het goed met hem meenden, schudden daarover hun hoofd. Liever een voetbalmatch in de zonneschijn! Wat vreugde beleeft gij aan uw wetenschap, mijnheer de rechter? Ijdeltucht der ijdelheden en alles is ijdelheid.

Er was een knecht in huis, die Prosper heette en op het dorp als een man van gewicht werd beschouwd, daar sommigen, alhoewel dit ten onrechte was, beweerden, dat hij op zijn meester enige invloed kon laten gelden. Van hem werd verwacht dat hij de tuin onderhield, brandhout kloofde en de deur opendeed. Zeer lang, eeuwigheden geleden, was hij ook koetsier geweest; maar op zekere dag was het paard van Mijnheer Goeminne te oud geworden om het nog voor het rijtuig te spannen en nooit had hij in zijn vervanging kunnen voorzien. Evenmin had hij het dier willen verkopen.

— Men levert zijn machteloze vrienden niet aan hun vijanden over, zei hij.

Het paard was van ouderdom in zijn stal gestorven.

— Gij zoudt u een auto moeten kopen, mijnheer de rechter!

— Voor het tijdsje dat ik nog te leven hebben, loont het niet de moeite. Ik heb meer dan genoeg van de wereld gezien.

Ook hield de rechter een meid, een bejaarde en brave vrouw, die het eten kookte, de bloemen water gaf, de bedden opmaakte en op de punten van haar pantoffels binnensloop, om achter zijn rug kolen op de kachel te scheppen, terwijl hij zat te lezen of te schrijven.

— Wij zouden het toch gemakkelijker hebben, als er centrale verwarming was.

— Voor het tijdsje dat ik nog te leven heb...

Omdat zij vreesde dat hij niet gelukkig was, had zij medelijden met hem.

— Wat een zonnige dag! zei ze soms, bedoelend dat hij had moeten gaan wandelen. Wat konden de boeken hem nog bijbrengen? Hij kende de wetteksten, de mensen die de wetten maken en de wereld die met of zonder wetten verder draait. Na zijn dood zou God hem vragen: „Waarom hebt gij zo weinig in de zonneschijn gelopen, mijnheer de rechter, als ik de zonneschijn toch ook voor u geschapen heb?”

Zijn meid kende de armen van het dorp en als de noodzakelijkheid zich voordeed, sprak zij over hun nood met haar meester.

— Die mensen zouden moeten geholpen worden.

— Hoeveel hebt gij nodig? vroeg hij en hij gaf haar meer dan het bedrag dat zij noemde.

— Mijnheer de rechter... wilde zij bedanken.

Opkijkend ontmoetten zijn ogen haar meewarige moederblik.

— Om mij geen zorgen, Marie. Er zal meer dan genoeg overblijven voor mijn begrafenis. Mijn tijd om te verzamelen is voorbij; nu is de tijd om uit te delen gekomen.

Gevaar dat hij zich arm zou geven, was er voorlopig niet. Het fortuin dat hij van zijn ouders geërfd had, was daarvoor te groot.

Hij streek met zijn ongeringde vingeren langs het tafelkleed, alsof hij vuwen die niet bestonden eruit wilde verwijderen. Hij zweeg, luisterend als hij geen kinderstemmen hoorde. Meer dan een voorbijgang op aarde is het leven niet.

Tweemaal in de week zetelde Rechter Goeminne in „De zwarte Leeuw.” Was de Vrijdag bestemd om recht te spreken, de Woensdag stond hij de burgers te woord die in moeilijkheden verkeerden, die hij onder elkander moest verzoenen of van hun slechte voornemens afbrengten. Dan was hij allesbehalve een rechter, veeleer een vader, een groot- of liever een voorvader uit fabelachtige tijden, gewapend met een onuitputtelijk geduld en een kennis van het menselijke hart, waarvoor niets kon verborgen worden.

— Is het leven niet te kort om één dag te verliezen? Waarschijnlijk dacht hij aan de Anna uit zijn jeugd, die op een naburig dorp woonde, toen hij eraan toevoegde:

— Als gij het geluk voorbij laat gaan, komt het nooit op zijn stappen terug.

Hij maakte dat ingekankerde veten werden bijgelegd, stelde over verweesde kinderen betrouwbare voogden aan, deed echtelieden die wilden scheiden op hun voornemen terugkomen en erfgenamen, die elkander wilden bestelen, genoegen nemen met wat hun rechtmatig toekwam. Boeren die oorlog voerden om het bezit van enige voeten grond; buren in eindeloze ruzies gewikkeld om een haag die op de juiste scheidingslijn tussen hun bezittingen niet stond of om het regenwater, dat tegen hun opvatting over wat recht en billijk was, over hun grond wegvlloeide; vrouwen die elkander niet uit konden staan en meer kwaad gesproken hadden dan zij wettelijk konden verantwoorden, werden bedeesd en volgzaam in zijn aanwezigheid en hoorden met neergeslagen blik zijn vermaningen en raadgevingen aan.

— Wat kan het oude spreekwoord ons leren? vroeg hij. Gaat ge in geding voor een koe, ge steekt er nog een paard aan toe. Om de indruk van zijn woorden te laten bezinken, wachtte hij een ogenblik vooraleer verder te gaan. — Waarom is het, dat gij elkander niet kunt verdragen? Omdat gij een last zijt voor uzelf. Leef in overeenstemming met uw geweten en gij zult vrede stichten, doordat uw ziel met vrede vervuld zal zijn. Mensen spreken mensen. Als er iets is dat de liefde overtreft, noem het mij dan.

De oplossingen die hij voorstelde waren zo redelijk, dat de gegadigden ze moesten bittreden, wilden zij zich niet als onmogelijke dwarsdrijvers laten kennen.

— Geeft nu elkander een hand!

Zij gehoorzaamden als gedweeë kinderen en meteen duwde de rechter op een knop, die in de keuken van „De zwarte Leeuw” een belletje aan het rinkelken bracht.

Nog geen twee minuten later, klopte de waardin op de deur en mijnhere Goeminne zei tot haar:

— Zoë, breng ons ieder een glas.

Samen drinkend en klinkend, werd de vrede bezegeld. Vóór de alkoholwet in voege was, genoten zij van een borrel jenever, die mijnheer de rechter op een schaaltje, samen met twee klontjes suiker, werd opgediend. Nu stelden zij zich met bier tevreden. Zoë wist dat de rechter niet hield van die drank en daarom bracht zij hem soms een glas melk, waarin zij honig had geroerd. Als er over dat drankoffer met buitenstaanders gesproken werd, luidde het ordeel van de waardin onveranderlijk:

— Als mijnheer Goeminne drinkt, is het ter ere Gods, want hij beleeft er geen voldoening aan.

— Haast u nu dat ge buiten zijt, zei de rechter tot de mensen, die hij tot een milder inzicht in hun burgerplichten had overhaald. Maakt dat ik u hier nooit meer zie.

Daar het toch geen enkel voordeel opleverde, werd er te Molden zo weinig mogelijk ruzie gemaakt. Een enkele keer gebeurde het, dat een man en een vrouw, die niet alleen aan elkander maar ook aan het huwelijk ontgoocheld waren, besloten zich te laten scheiden. Voor hun proces kon voortgang krijgen, moesten zij eerst voor de vrederechter verschijnen, waarop mijnheer Goeminne hen zodanig bemoederde en bevaderde, dat zij zich lieten vermurwen en beloofden het opnieuw met elkander te beproeven.

— Dat is het, waarmede gjij hadt moeten beginnen. Het leven is veel schoner dan gjij hebt gemeend. Nu zult ge samen naar huis gaan en meer van uw kinderen houden. Hebt gjij geen kinderen? antwoordde hij op hun onderbreking. Daar ligt de oorzaak van uw onverdraagzaamheid. Koopt kinderen en begint van voren af aan, want gjij hebt nog geen ervaring van het leven. Als ge niet bereid zijt om samen te lijden, hoe zoudt ge kunnen weten wat liefhebben is?

Daarop gingen zij nevens elkander weg en ook de rechter verliet „De zwarte Leeuw.” Op het pleintje voor de kerk speelde een groepje kinderen, blij en blonde, zoals in het gedicht van Gezelle, en den avond was nabij. De rechter bleef staan om naar hun spel te kijken en God weet welke ontroering macht over hem kreeg. Hij wenkte een meisje met rode strijkkertjes aan haar blonde vlechten en stopte haar vijf frank in haar hand.

— Ga naar een winkel en koop koeken, beval hij.

Toen het kind teruggekeerd was, deelde hij de lekkernijen uit.

— Nu moet ge vlug naar huis gaan, besloot hij. Het wordt donker en uw moeder zou niet weten waar ge zit.

Uit verschillende richtingen drongen hun heldere stemmen tot hem door, tot zij verstomden en hij het geluid hoorde van ene deur die dichtgeworpen werd. Eerst dan ging hij naar huis, naar zijn huis zonder moeder. Hij had een gevoel alsof zijn hart gezwollen was en tegen zijn ribbenkas drukte.

Als mijnheer Goeminne de Vrijdag zetelde, was het om recht te spreken. Die dag werd er te Molden markt gehouden. Het pleintje voor de kerk stond vol kramen, kwebbelende vrouwen met kabassen aan de arm, werklozen die oordeelden dat het weder hun ongunstig, want te warm of te koud was, en overal tussendoor vasecondeerde den straatjongens, zoekend naar de gelegenheid om een slag thuis te halen. De kramers schreeuwden en prezen luidkeels de onmogelijkste waren aan, terwyl de onnozele zielen die zich lieten bedotten, kochten en bleven kopen tot hun geld op was en zij te laat tot de ontnuchterende vaststelling kwamen dat zij eigenaar geworden waren van allerlei zaken waarmede zij geen blijf wisten.

Om kwart voor negen luwde dat lawaai voor enige ogenblikken, zoals een ketel kokende brij ophoudt met stomen als hij van het vuur wordt gezet. De Groot-Inquisiteur schreed over het plein. Nee! De Rechtvaardige Rechter was het, weggestapt uit het paneel van Van Eyck, mijnheer Goeminne, die zijn woning verlaten had om zich naar de tempel van Themis, dat was de bovenzaal van „De zwarte Leeuw” te begeven.

Hij keek naar dat kluwen van mensen dat een menigte geheten wordt, zoals een fietser, die het paadje waarlangs hij rijdt door een kudde schapen versperd ziet, uitkijkt naar de hulp van de herdershond, die hem een vrije doorgang moet mogelijk maken. Dit scheen het ogenblik waarop de veldwachter had moeten tussenkommen, maar zijn ingrijpen was nog nooit nodig geweest; zonder dat zij dwang onderging, schoof de massa uiteen en mijnheer de rechter liep tussen de gelederen, zoals de Israëlieten door de Rode Zee trokken, terwijl links en rechts van hen de wateren als steile muren opgericht stonden.

Met een glimlach die zijn gezicht schoner maakte dan het was, groette hij bekenden en onbekenden, minzaam naar vorstenwijze. Oordeelt niet, wilt ge niet geoordeeld worden. Bij zijn aankomst in „De zwarte Leeuw” hoorde hij de begroeting van Zoë met vaderlijke goedwillendheid aan en op zijn beurt wenste hij haar de vreugde van een

rijkgevulde dag zonder naberoeven. Zij verklaarde dat zij de gerechtszaal in order had laten brengen en de rechter klom naar boven, waar hij in een zijkamertje, dat als wacht- en kleedkamer werd gebruikt, zijn toga aantrok zonder een woord te redden tot de gendarmes, die in de gang stonden te wachten tot zij als getuige zouden opgeroepen worden.

Ondertussen boorde mijnheer Sarel, de griffier, die ter verhoging van zijn inkomsten ook verzekeringsagent was, door de menigte op het plein. Behalve een witte vest waarop een gouden ketting bungelde, droeg hij een lorgnet, dat steeds de neiging vertoonde van zijn neus weg te wippen. De mensen die zich niet verplicht achtten zich tegenover mijnheer Sarel beleefd aan te stellen dan zij waren, deden alsof zij hem niet konden zien, met het gevolg dat hij door zijn bijzichtigheid gehinderd botsingen verwekte, die telkens tot ongepaste schimpscheuten aanleiding gaven. Daar het hem niet aan verbeelding ontbrak, had hij bij zichzelf de indruk dat hij een dwaalster was, die door een ruimte waarin ontelbare nevelachtige hemellichamen hun vaste banen volgden, haar weg moest vinden.

Het was onvermijdelijk dat hij vertraging had, aangezien hij bij zijn vertrek met die waarschijnlijke vertraging geen rekening wilde houden. Telkens moest hij daarover een verwijt aanhoren.

— Ge zijt vier minuten te laat, zei mijnheer de rechter.

— Als ik hier niet ben, kunt ge toch niet beginnen, antwoordde mijnheer Sarel.

Zo hadden zij de gewoonte elkander te plagen, steunende op hun rechtsgevoel en de onverschrokkenheid van de vriendschap.

Als het ogenblik om de zitting te openen gekomen was, ging mijnheer de rechter zitten achter een tafel, die met een verschoten groen kleed was bedekt. Een wetboek dat hij nooit opensloeg en dus niet nodig had, lag ten teken van waardigheid onder het bereik van zijn hand. Langgeleden had een schilder op de muur achter zijn zetel de geblinddoekte godin van het recht gekonterfeit, houdende een weegschaal op de punt van haar wijsvinger in een pijnlijk evenwicht; maar de jaren waren gekomen en gegaan, terwijl verschillende rechters elkander opgevolgd hadden; de schimmel, uitslag van de vochtigheid waarmede de muren doortrokken waren, en de beroemde tand van de tijd hadden hun werk verricht en van de vroeger zo indrukwekkende gestalte was niets dan een uitstalling van verspreide lichaamsdelen overgebleven. Niemand scheen

erover verwonderd dat het de belachelijkste delen waren, die waren gespaard gebleven.

Ook mijnheer de rechter schonk er geen aandacht aan; wat hij, hoewel zijn gezicht van het beeld was afgekeerd, bevroedde, zodat die aanwezigheid hem met een zonderlinge mengeling van rust en ontzag vervulde, was dat er boven zijn hoofd een zwartberookt kruisbeeld aan de muur hing, met een Christus die zijn aanbiddelijk Aanschijn gebogen hield naar het armzalig menselijk bedrijf aan zijn voet.

— Zullen wij maar beginnen? vroeg de griffier op fluistertoon.

Op een teken van de rechter stond mijnheer Callevoet, de deurwaarder, op van de stoel waarop hij zitten slapen had, om het publiek in de zaal toe te laten. Mijnheer Callevoet was een goedhartige vleeskklomp van tweehonderd veertig pond en ondanks de hongerstaking waartoe hij zich verplichtte, nam zijn gewicht nog ieder jaar toe.

— Stilte! schreeuwde hij.

In die stilte deed de rechter zijn intrede, zijn handen in de mouwen van zijn toga geborgen, zijn hoofd eerder gebogen dan geheven, alsof hij luisterde naar een stem die hij alleen kon horen, een stem die sprak in zijn hart.

III

Zo gingen de jaren en het werd duidelijk dat mijnheer de rechter spoedig zou sterven. Zijn gewone huisdokter veronderstelde dat hij aan een hartkwaal leed en toen er later een specialist werd bijgehaald, verklaarde deze laatste daarentegen met een stelligheid die alle twijfel scheen uit te sluiten, dat de zieke longkanker had in zulk een gevorderde toestand, dat er geen hoop op genezing meer overbleef. Familie had hij niet en zijn dienstboden, Prosper en Marie, pleegden overleg met elkander en besloten dat het hun plicht was hun meester op de hoogte te stellen van het gevaar dat hem bedreigde.

— Gij zult het moeten doen, zei Prosper, gij hebt hem beter gekend dan ik.

Meer gevleid door de erkenning van de plaats, die zij in het gemoedsleven van de rechter had ingenomen, dan geïrgerd door de lafheid waardoor de bekentenis was ingegeven, besloot zij mijnheer Goeminne in de waarheid in te wijden.

— Mocht het gebeuren, verklaarde zij voorzichtig, dat gij nog zakelijke angelegenheden dient te regelen, zou het beter zijn dat nu in orde te brengen.

Nadat hij enige tijd in het hoge ouderwetse bed met

zijn gezicht naar de muur had gelegen, besloot hij op te staan om een brief aan Anna te schrijven. Schoon hij haar in jaren niet meer gezien had, was zij nooit helemaal uit zijn gedachten verdwenen geweest. Hij liet haar weten dat zijn gezondheid te wensen overliet en hij haar gaarne nog eens zou teruggezien hebben.

Zij kwam drie dagen later, gekapt en gekleed als een jonge vrouw uit de betere standen, met een toegeeflijke glimlach die voldoende moest doen uitschijnen wat zij dacht.

— Ik ben u dankbaar, zei hij, omdat gij gekomen zijt. Nu durf ik u bekennen dat ik u veel vroeger had willen schrijven.

Zoals hij zijn gehele leven had gedaan, leidde hij de aandacht van zijn toestand af, door zich over haar man en kinderen te laten inlichten. Anna verhield zich tegenover hem met de beschermende lankmoedigheid van een rijpe vrouw tegenover een kind, dat voor zijn nukken niet volledig verantwoordelijk is. Zij inspekteerde het huis van onder tot boven, kneep verschillende kerlen haar ogen dicht, wat alleen kon betekenen dat het een zielige indruk op haar maakte en eindigde met de verklaring af te leggen, dat zij mijnheer Goeminne naar haar woning zou laten overbrengen, waar het hem ten minste niet aan een passende verzorging zou ontbreken.

— Zult gij dat laten gebeuren? vroeg Marie, met de dood in haar hart, toen zij de gelegenheid had nog een ogenblik met haar meester alleen te zijn.

— Dan zult ge van mij geen last meer hebben, luidde het antwoord, dat voldoende liet uitschijnen wat zijn hart verlangde.

Anna stelde het voor alsof het haar niet aan grootmoedigheid ontbrak. Haar huis was ruim genoeg, opdat de knecht en de meid van de rechter hun meester zouden vergezellen. De beslistheid waarmede zij haar wil door dreed haalde het. Een auto laadde de zieke, Marie en Prosper op; de luiken en deuren van het grauwe huis op de hoek van de markt bleven dicht en de bewoners van het dorp begrepen dat meteen een tijdperk in die geschiedenis van de rechtspraak was afgesloten.

In de vreemde woning, waar de rechter als vreemdeling lag te sterven, voelden zijn dienstboden reeds van het eerste uur aan dat zij ongenode gasten waren. Eigenlijk hadden zij vooraf gevreesd dat zij er te veel zouden zijn, maar nu waren zij zo machteloos geworden dat hun niet anders

overbleef dan daarin te berusten. Bij het begin had Marie getracht zich bij de zieke onmisbaar te maken; lang had het niet geduurd, want Anna had haar zonder omwegen doen verstaan dat zij overbodig was. Nu zaten de twee versleten mensen, hun nutteloosheid beseffend, in dat hoekje van de keuken waar zij niemand konden hinderen.

— Hoe is het toch mogelijk, zei Marie, eens dat zij meenden dat niemand hun gesprek kon horen, dat mijnheer zo verblind kan zijn!

— Zijn ogen zullen opengaan als hij dood is, voorspelde Prosper, en dan, voegde hij er zuchtend aan toe, kan het toch geen gevolgen meer hebben.

Als twee vogels op een tak in de winterkoude, hun laatste warmte aan elkander mededelend, zaten zij onwennig in hun hoek, zich afvragend of zij niet beter zouden doen met weg te gaan.

— Wij moeten blijven, besloot Prosper; is het niet meer om de rechter te helpen, dan om de huichelaars dwars te zitten, die verlangen zich van zijn erfenis meester te maken.

Er kwam inderdaad een notaris om een testament te maken. Anna had hem doen komen en hij vroeg aan mijnheer Goeminne:

— Wat wilt ge dat ik schrijf?

Nooit was er in Oktober een schoner dag te zien geweest. Een beetje wind en wat heller licht hadden de begoocheling kunnen wekken dat het weer lente werd. De zieke keek langs de notaris heen naar buiten, naar hetgene hij van de bomen kon waarnemen, de toppen, waarin kladden geel en roetsbruin gestreken waren.

— Zouden Marie en Prosper niet mogen naar boven komen? vroeg hij.

Hij verdeelde zijn bezittingen in drie gelijke parten. Het eerste was voor de armen, het tweede voor zijn meid en zijn knecht, het derde voor Anna, wegens de diensten die zij hem in zijn laatste ziekte bewezen had. Nu bleef hem niets meer te doen dan te zorgen dat het niet te lang aansleepte, vooraleer over zijn nalatenschap kon worden beschikt.

Toch duurde het nog veertien dagen en op zekere keer kon Anna haar mistevredenheid over de aanwezigheid van de twee versleten dienstboden niet meer onderdrukken en zei ze uit de hoogte tot hen:

— Wanneer zult gij eindelijk iets verrichten?

Marie vroeg als een kind dat van vreemden afhankelijk is:

— Mogen wij bij hem gaan ?

De laatste dagen en nachten bij hem te mogen zijn, die troost werd hun gegeven, omdat er per slot van rekening niemand anders was die bij de stervende wilde waken. Eindelijk was het hun toegelaten hem te verplegen, enige druppels water in zijn mond te laten glijden en te luisteren hoe zijn ademhaling sneller of trager ging, naar gelang de koortsaanvallen die hem uitputten in kracht toenamen of verminderden.

Eens kon Marie haar verontwaardiging over de wrede schraapzucht van de mensen niet op.

— Waren wij maar thuis gebleven, betreurde zij; wij zouden zoveel gemakkelijker zijn geweest.

— Maar zo alleen . . . , zei hij.

Daarop kon zij niet antwoorden, ineens beseffend dat haar aanwezigheid, de aanwezigheid van Prosper en van de vele mensen die om de rechter heen geweest waren, zijn innerlijke eenzaamheid niet kunnen opheffen hadden.

Het werd een lange doodsstrijd en allen verlangden naar het einde, om nog een deel van de nacht te kunnen slapen. Altijd had de rechter zoveel mogelijk de wensen van anderen ingewilligd, zodat het bijna onbehoorlijk scheen dat hij niet vlugger van het leven afscheid nam. De nacht was voorbijgegaan en het eerste licht reeds teruggekeerd, toen zijn ziel zich van zijn lichaam verwijderde.

Prosper was ingesluimerd in zijn zetel. Het gehele huis was stil. Had Marie nu de macht gehad om iets te ondernemen dat allen uit hun harde zelfgenoegzaamheid slingerde, zij zou het hebben gedaan. Even dacht zij eraan een breekbaar voorwerp te laten vallen, liever het door de ruiten te werpen, zodat Anna en al de hartelozen uit haar huis kwamen toegelopen en zij hun kon zeggen wat zij over hen dacht. Maar zij was te moe om zich door de onberedeneerde aandrangen van haar gemoed te laten overweldigen en daarom stelde zij zich ermee tevreden Prosper wakker te maken.

— Terwijl gij slipt is hij gestorven, verweet zij hem. Is het op die manier dat gij uw dankbaarheid toont?

— Mocht hij terug kunnen keren, wat zou hij zeggen, Marie ?

— Ik weet het, antwoordde zij, bedroefd en kwaad om die droefheid.

— Laten wij geen ruzie maken, om het tijdje dat wij nog te leven hebben.

Weer stonden zij nevens elkander tussen het bed en het raam, waarachter de duisternis langzaam haar karakter

van een zwarte, blinde muur verloor. Er kwam perspektief in de duisternis, strijd tussen donker en licht. Ineens bevroeden zij hoe oud en nutteloos zij waren, nu de andere nutteloze om wie zij geleefd hadden, met zijn heerlijke humor en zijn geduld, dat de moed van de wanhopigen is, er niet meer was.

J. Raubenheimer

SKURFVOET KLONKIE

Skurfvoet klonkie sonder baadjie,
waai die wind nie deur die gaanjie,
gaanjie in jou vaal-vuil broekie;
kry jou boutjies dan nie koud nie?
Staan jy kouelik gebukkend,
misvuur telkens aan te blase;
ogies op 'n skrefie — waaksaam
soos jou tata en jou oupa
vòòr jou, op die baas se plase,
skaap en beeste opgepas het.

Auk, my basie, onse nasie
is gewend aan bietjie gasie.
Huil? . . . ag nee, ons weet mos môre
sal die Grootbaas vir ons sôre.
(Net die suidewind, Morena . . .
Karoo se kind . . . jy ken hom, auk!)

Skurfvoet klonkie sonder baadjie,
aard so reg nog na jou vaartjie;
met so min is jul tevrede,
met so bietjie kom jul klaar;
so eenvoudig jul gebede,
sal die Heer dit nie verstaan . . .
Vry van sorge, hartsgeheime,
sonder stryd en sonder strewe —
goggas wat net daar bò rond kry —
Skurfvoet klonkie, jy's gelukkig jy!

BLY BY MY, O NAG

Ek is so bang dit sal verflou,
die welling wat hier binne woel
dalk dood kan gaan in winterkou,
dalk stil word as die nag verdwyn.

Ek is bevrees na hierdie keer
dit ophou sal en nooit weer wees,
en ek weer na die lewe keer,
weer stampe, stote, slae kry.

Dis beter as dit donker is,
my hart geslote binne my;
die spore rondom uit te wis,
die paadjie toe te groei met gras.

Dan kan ek lustig binne leef,
— Of noem dit doodgaan as jy wil —
die hartseer aan my siel kan kleef,
die welling hoër, breër swel.

So bly by my, o nag so swart,
hou uit die lig, hou dig jou deur;
vertroetel maar my hart se smart,
al maak dit my nog baie seer.

Uit die Oertyd van die Opera

DAWID ENGELA



Op 24 Februarie 1607 het een van die grootste omwentelinge in die geskiedenis van die moderne musiek plaasgevind. Sowat sewe jaar vantevore was die aartshertog Vincenzo Gonzaga van Mantua in Florence waar hy aan die hof van die Hertog Bardi kennis gemaak het met die proefnemings van 'n groep digters en dilettante-musici. Hierdie groep, die sogenaamde „camerata,” het gepoog om die klassieke Griekse drama, wat volgens hulle veronderstelling nie „gesproke” nie, maar „gesonge” toneelopvoerings was, in 'n moderne vorm met begeleiding van snaarinstrumente op te voer. Aldus het hulle toevallig, en heeltemal onwetend, die fondamente gelê van die kunsvorm wat in die sewentiende eeu tot die opera sou ontwikkel.

Gonzaga was natuurlik geweldig beïndruk deur wat hy in Florence gesien en meegemaak het, en aangesien hy self besonder lief was vir die skone kunste, en as beskermheer opgetree het van sommige van Italië se mees vooraanstaande digters, komponiste en skilders wat hy aan sy eie hof versamel het, was dit vanselfsprekend dat hy by sy terugkeer in Mantua sy eie kunstenaars aangespoor het om 'n „musiekdrama,” soos die oeroperas toe al genoem is, te komponeer en op te voer. Gonzaga, een van die rykste heersers in die hele Italië, het geen geld of moeite gespaar om die gebeurtenis nog grootser, skouspelagtiger en indrukwekkender te laat wees as dié van sy voorgangers en mededingers in Florence nie. Nog selde tevore is sulke fabelagtige kostuumontwerpe vervaardig, sulke impo-

nerende toneeldekordoeke geskilder en so 'n uitgelese gehoor uit die ganse Noord-Italiaanse adel versamel om 'n opvoering in die „nuwe, sensasionele kunsform-musiekdrama,” by te woon.

Hierdie opvoering 350 jaar gelede was egter bestem om nie alleen 'n eersteklas sensasie onder die destydse adel van Italië te verwerk en Gonzaga aldus te behaag nie, maar ook om 'n gebeurtenis van die allergrootste belang in die geskiedenis van die Wes-Europese kultuur te word wat vandag nog onthou word. En dit is alleen toe te skryf aan die genie van die musikus en komponis wat saam met die digter Allessandro Striggio verantwoordelik was vir die skepping van hierdie opera, „Orfeo” — Claudio Monteverdi. As gevolg van Monteverdi se musikale genialiteit, sy fyn dramatiese aanvoeling, sy beheer oor die orkes, sy uitdrukingsvolle melodiestyl en sy suiweren vakmanskap, kan ons „Orfeo,” sy eerste opera (en natuurlik ook die eerste opera wat in Mantua gesien is), nie alleen tot een van die vroegste musiek-dramatiese werke reken nie, maar beslis ook tot een van die allerbestes.

Die groot verskil tussen Monteverdi en sy Florentynse voorgangers, Peri en Caccini, is daarin geleë dat, alhoewel die „camerata” van Florence natuurlik erkenning verdien as die skeppers van die kunsform opera, hulle nie meer was as proefnemers met die nuwigheid wat hulle ontwikkel het uit pogings om die antieke drama te laat herleef nie, en bowendien ook musikale amateurs was, terwyl hy nie alleen 'n bekwame en opgeleide beroepskomponis was met 'n verbasend gevorderde tegniese meesterskap oor die basiese elemente van die musiek nie, maar ook 'n skeppende kunstenaar van die allereerste rang. Met sy fyn ontwikkelde skeppingsin het hy nie gepoog om soos hulle die ideale, tradisies en gebruikte van 'n vergange tydperk te laat herleef nie, maar was hy in die allereerste plek daarop ingestel om uitdrukking te gee aan sy eie waarheidsbeleving en aan die aktiewe lewensbewussyn binne in homself.

In 1607, toe sy pasvoltooide „Orfeo” vir die eerste maal opgevoer sou word, was Monteverdi alreeds beroemd as komponis van kerklike en sekulêre koormusiek in die beproefde Renaissancevorme. Vanweë sy ingrypende oorspronklikheid en soekend skeppende komposisiestyl, staan sy koorwerke en veral die madrigale wat in die jare 1592-1607 verskyn het egter wat gees en styl aanbetrif, alreeds digter by die musiek van Johann Sebastian Bach (1685-1750) as by dié van Monteverdi se groot voorganger Palestrina (c. 1525-1594). Hierdie werke het sy naam en

musiek bekend laat word ver buite die grense van Italië. Sy roem was teen 1607 reeds tot in Duitsland, België, Frankryk en Engeland verbrei.

Dat Monteverdi dus in 1607 die opera as kunsvorm begin beoefen het, is 'n feit van die grootste betekenis vir die ontwikkeling van die musiek, selfs tot vandag. Hy was die eerste en in sekere opsigte die grootste meester wat die moontlikhede van verhoogdrama in verbinding met gloedvolle, kragtig dramatiese musiek ten volle besef het, en sy heel eerste werk in die vorm, „Orfeo,” is die verwesenliking van hierdie moontlikhede: 'n volkome logiese eenwording van woord, toneel en musiek in 'n roerende, dramatiese oortuigende musikale kunswerk wat etlike eeuë lank na sy dood 'n onberekenbare invloed op die musiek sou uitoefen.

Wanneer die eerste van die vyf bedrywe waaruit „Orfeo” bestaan, 'n aanvang neem, hef die orkes van 21 lede 'n kort inleiding of instrumentale „ritornello” aan, waarna 'n alt, La Musica, 'n verpersoonliking van die musiek, op die verhoog verskyn om in 'n kort gevarieerde strofiese proloog die roem van die mitologiese sanger en musikant Orfeus te besing. Daarna hef die koor 'n jubellied aan oor die huwelik van Orfeo en Euridice. Tydens die feestelikhede sing Orfeo een van sy kragtige, wonderskone liedere waarna die herders moet uitroep dat die skepping self as gevolg daarvan skoner geword het.

In die tweede bedryf besing Orfeo in die tempel nogmaals sy geluk, maar sy lied word plotseling onderbreek deur 'n boodskapper wat hom die tragiese nuus medeel dat sy beminde Euridice deur 'n giftige slang gebyt is en gesterf het. Orfeo hef 'n grootse weeklag aan, en die koor besluit met die gedagte dat die mens nooit die jaloerse gode, wat hom nooit te veel geluk wil gun nie, te ver moet vertrou nie. In die derde bedryf nader Orfeo, begelei deur Hoop, die rivier voor die poorte van die doderyk, vas van voorneme om die wette van die gode te weerstaan en sy geliefde terug te probeer wen uit die ryk van Pluto. Die koor waarsku hom met die woorde van Dante: „Lasciate ogni speranza, voi ch'entrate!” Die bootman, Caronte, probeer hom verhoed om die doderyk binne te gaan, maar word uiteindelik oorreed deur die kragtige smeekgesang wat Orfeo met begeleiding van sy luit aanhef.

In die vierde bedryf pleit Prosperina, diep ontroer deur die klaaglied van Orfeo, by haar man Pluto om Euridice toe te laat om met Orfeo terug te keer na die aarde. Pluto stem toe, maar stel die voorwaarde dat Orfeo nie na Euridice mag kyk op pad terug na die aarde nie.

Die koor lewer die kommentaar: „Liefde en meegevoel triomfeer!” Orfeo, beangs dat sy geliefde hom nie volg nie, draai hom om en kyk na haar. Aldus verloor hy haar vir ewig, en moet sy terugkeer na Hades. Sy wanhoop ken geen perke nie: hy sing 'n smartvolle weeklag waarin hy die daglig vervloek en dit nooit weer wil aanskou nie.

Die slotbedryf toon ons Orfeo wat doelloos deur die vlaktes van Thracië swerf, en in 'n wanhoopslied die bome, rotse en die ganse natuur smeek om deel te hê aan sy smart. Dan verskyn uit die Hemel die god Apollo. Hy deel Orfeo mee dat sy lied die harte van die gode geroer het, en dat hy Orfeo met hom na die Hemel meeneem waar hy verhef sal wees tot die goddelike status en ewig sy Euridice in die sterre sal aanskou. Die koor sluit af met 'n vreugdevolle triomflied van Hemelse eer en glorie.

Die onmiddellike uitwerking van die musiek van „Orfeo” op die gehore waarvoor dit vir die eerste maal opgevoer is, was oorweldigend. Die roerende tragiek van die passievolle klaagsange en die daarmee kontrasterende opwellende vreugdeklanke van die jubelliedere het 'n onweerstaanbare emosionele uitwerking op die gehoor gehad, en vooraanstaande kommentators en kritici van die tydperk meld dat „geen persoon in die gehoor sy gevoel onder bedwang kon hou nie: al die dames is tot tranen beweeg.” Die beste bewys vir die geweldige sukses daarvan is die feit dat „Orfeo” 'n tweede en derde druk in 1609 en 1615 onderskeidelik beleef het, en herhaaldelik in verskillende Italiaanse stede opgevoer is, terwyl baie weinig operas of kantates tydens die barok ooit in druk verskyn, of selfs 'n tweede uitvoering beleef het, aangesien byna alle musiek vir 'n spesifieke geleentheid gekomponeer is.

Teen die einde van die sewentiende eeu en dwarsdur die agtiende eeu het daar egter langsaam 'n verandering in die musiekbeoefening van Wes-Europa begin intree. Die adel was nie meer die enigste, en lateraan selfs die sterkste ondersteuners en bevorderaars van die musiek nie. Komponiste het hulle al meer en meer tot die burgerstand, en aldus tot die breë publiek begin rig. Musiek is nie meer geskryf om in die smaak van die kenners en opgeleide publiek alleen te val nie, maar ook om die populêre smaak te bevredig. Scarlatti het in sy operas die patroon, waarop die opera ná Monteverdi begin ontwikkel het, vasgelê en formeel die voorbeeld geword vir alle operakomponiste tot Gluck. Händel se operas volg die skema van die „Da Capo-Ariavorm” van Scarlatti, en terwyl hulle daardeur wen aan formele helderheid en melodiese organisasie, mis ons

in Händel se verhoogmusiek die element van dramatiese spanning en vormvryheid, wat juis die kragpunt van Monteverdi se musiekdramas uitmaak. Geen wonder dus dat Händel sy grootste suksesse in Londen behaal het met oratorium nie, en dat hy hom in die laaste fase van sy loopbaan heeltemal van die opera afgewend het, en hom uitsluitlik by musiek vir die konsertverhoog bepaal het. Die groot Johann Sebastian Bach, wie se musiek sterk elemente van dramatiese spanning toon wat ongetwyfeld hulle oorsprong in die werk van Monteverdi het, het nooit 'n enkele werk vir die verhoog geskryf nie, maar hom uitsluitlik by kamermusiek, kerkmusiek en werke vir die konsertsaal bepaal.

In elk geval is Monteverdi se musiek altyd deur studente en liefhebbers van die musiek in ere gehou, alhoewel veral die operas wat 'n buitengewoon knap groep solosangers asook 'n ongewone orkes vereis, in die later sewentiende en dwarsdeur die agtiende en negentiende eeu nie meer in die publiek opgevoer is nie. Met die ontwikkeling van 'n nuwe navorsingsrigting, die musiekwetenskap, teen die einde van die negentiende eeu, is daar egter 'n begin gemaak met die herdruk en herrangskikking van baie van Monteverdi se musiek, en vir 'n hele aantal jare reeds is die opvoering van 'n Monteverdi-opera, hoewel nou nie juis 'n alledaagse gebeurtenis nie, darem nie meer 'n rariteit nie. In November 1953 het die B.B.C. vanuit Londen byvoorbeeld die hele „Kroning van Poppeia,” Monteverdi se laaste en grootste opera, op twee agtereenvolgende aande oor die derde sendergroep uitgesaai. Monteverdi-koorwerke vind mens deesdae in die repertorium van byna alle goeie koorverenigings in die beskaafde wêrld.

Dat die uitvoerings wat mens vandag van musiek van die vroeg- en middelbarok, en in die besonder van Monteverdi hoor, egter geensins outentieke uitvoerings is met die juiste toonkleur wat die komponis in gedagte gehad het nie, kan ook nie betwiss word nie. Aangesien die orkes wat Monteverdi voorskryf, byna heeltemal uit instrumente bestaan wat tot onlangs toe totaal in onbruik was, word daar teenswoordig gewoonlik rangskikkings gemaak vir 'n moderne stryk- of volle simfonie-orkes, soos byvoorbeeld deur Respighi, Strauss en Goehr. Daar het egter in die afgelope twintig jaar stadigaan 'n besef onder musici en musiek liefhebbers begin ontstaan dat barokmusiek wat op die oorspronklike barokinstrumente of in elk geval ten minste op goeie kopieë van barokinstrumente uitgevoer word deur bekwame uitvoerende kunstenaars, meer outen-

tiek is as uitvoerings op ander moderner instrumente, en dit wil voorkom asof die smaak van die algemene publiek ook besig is om in daardie rigting te ontwikkel, te oordeel na die geesdrif waarmee radio-uitsendings, openbare uitvoerings enveral plaatopnames op barok-klawesimbale, -orrels en -strykinstrumente ontvang word. Paul Hindemith, een van die grootste lewende komponiste, wat ook geweldig veel roem behaal het as uitvoerende kunstenaar en musiekteoretikus, het hom al die afgelope paar jaar daarmee besig gehou om Monteverdi se „Orfeo” in sy oorspronklike vorm te herstel en uit te voer. Met noukeurige inagneming van al die aanduidings van Monteverdi t.o.v. instrumentaalbesetting, ne met 'n grondige kennis van die uitvoeringsgebruike van Monteverdi se tyd, het hy die hele partituur herskryf sonder om 'n enkele noot van die oorspronklike te wysig en met presies dieselfde besetting as dié wat Monteverdi aandui, naamlik:

Twee gravicembani;
twee contrabassi de viola;
tien viole de brazzo;
een arpa doppia;
twee violini piccoli alle Francese;
twee organi di legno;
drie bassi da gamba;
vier tromboni;
een regale;
twee cornetti;
een flautino alla vigesima seconda;
een clarino con tre trombe sordine.

Die besyferde baspartituur van die toetsbord-instrumente het Hindemith noukeurig uitgewerk in ooreenkoms met navorsing waarmee daar presies vasgestel is hoe dit in Monteverdi se tyd gedoen is. Die skrywer hiervan het die besondere voorreg gehad om die eerste uitvoering van Hindemith se arbeid by te woon op Vrydag, 4 Junie 1954 in die groot Konzerthaussaal in Wenen, by geleentheid van die Internasionale Musiekfees van die Weense Konzerthaus-Gesellschaft. Die orkes het uitsluitlik bestaan uit ou Barokinstrumente wat spesiaal van museums in Frankryk, Italië, Engeland en Oostenryk geleen is vir die geleentheid, of noukeurige kopieë van Barokinstrumente, spesiaal vir hierdie besonderse geleentheid vervaardig. Die Italiaanse tenoor Gino Sinimberghi het 'n voortreflike vertolking gelewer in die veeleisende rol van Orfeo. Spesiale vermelding verdien ook die pragtige balletwerk, afgerig deur Rosalia Chladeck, die puik regie van Leopold Lindberg,

die treffende dekor, ontwerp en gebou deur Sepp Nordegg, en die kostuum van Edith Almoslino.* Hindemith het self die afrigting waargeneem en die opvoering gedirigeer, terwyl die koor afgerig is deur Hans Gillesberger. Die reaksie van die gehoor op hierdie uitmuntende uitvoering het onwillekeurig sterk herinner aan die uitwerking wat hierdie musiek op die gehore van Monteverdi se tyd gehad het.

Ten slotte nog net 'n paar aanmerkings oor die klank van die orkes. In volume is dit natuurlik veel kleiner as dié van 'n moderne simfonie-orkes, maar wat dit kortkom in dinamiese kontraste, daarvoor vergoed dit ryklik in kleurkontraste. Veral die klein, maar tog duidelik merkbare verskil tussen die viole da gamba en die viole da braccio se klankkwaliteit het Monteverdi pragtig gebruik vir dramatiese effekte. Die orrel wat in die konsertsaal gebruik is, is 'n klein instrument vergeleke met ons kerkorrels, maar dit het tog aan die sangresitatiewe 'n besonder edele, heroïese kleur verleen. Die eggo-effek word taamlik dikwels en met pragtige gevolge in „*Orfeo*“ aangewend, ook wat die instrumentasie betref: so vind ons dat Monteverdi dikwels orrel en regale, viole da braccio's en gamba's, of harp en luit (in een geval selfs trompette en blokfluite) dieselfde frase direk na mekaar laat speel.

Ons wil die hoop uitspreek dat 'n vérsiende Europese platematskappy Hindemith se skitterende bewerking binnekort op plate sal opneem sodat hierdie heerlike musiek ook 'n wyer luisterkring in ons eie land sal vind — 'n luisterkring wat dit beslis verdien.

* Almal gekopieer van skilderye wat opvoerings van dié tyd afbeeld.

A. Alberts

'N IDEAAL

Soos Omar Kaijam het ook ek gesmag na wetenskap en wysheid, daarvoor die wêreld deurgetrek tot in die jare van my grysheid.

As vry student het ek bemin en ook gehaat, as jongeling vol moed, met wanhoop tussen in, die lewenskern deurgedring.

Geluk en rykdom oorgenoeg het ek geoes van al my werk; maar onbevredig nog geswoeg om één beginsel, vreeslik sterk,

'n monument van blou graniet uit wêreldwetenskap te giet.

DIE AFRIKAANSE TAAL

Ons Afrikaanse taal, die dapper idioom, sê hul, is jonk. Geen derde eeu het nog verloop vandat Van Riebeeck in sy grootste handelsdroom ons volk kom plant het aan die Kaap van Goeie Hoop.

Kyk, kort gelede in dié moderne eeu van stoom lê dit sy helder spraakwet vir die wêreld oop en word dit eers die taal van Afrika gedoop terwyl dit snel vanaf die suidpunt noordwaarts stroom.

En tog is dit al meer as honderd eeue oud, want elke woordjie wortel deur Germaans terug tot in die ontaal van die oermens in die woud: 'n brul, 'n minnesang, 'n angskreet op die vlug.

'n Twintigduisend jaar gelede was dit al 'n oergeluid wat by die *waarheid* staan of val.

D. F. Malherbe

Uit: SPEL VAN BLANK
EN SWART



Die toneel in 'n omgewing van berg en bos word veronderstel om af te speel tydens die Groot Trek. Die Leier van die Naggeeste, vlermuisagtig gekleed soos ook sy volgelinge, tree van regs op.

LEIER VAN NAGGEESTE:

Getroues wat yl op die winde
met die kelk van my donkere woorde,
wat duisende gretiglik drink,
kom hier!

(*Naggeeste verskyn*)

Julle keer die beroerende wind
in die eensame kuil van die hart;
julle maak die bloeddroom se dors,
die drif wat die dood verag,
wat die nag van kabaal laat sidder
en stormloop maak hartbegere:
die krag van belowende woorde
het die spier self geword van die ringkop
met sy glim-assegai in die slag.

NAGGEESTE:

Maar die witman se koeël het gewaai,
en baie groot groot helde
se beendere lê wit in die son!
(*Herhaal*) . . . se beendere lê wit in die son!

LEIER:

Maar die swartman se grond behou,
en swartman se roem staan soos berge!
Gaan uit en begin van vooraf
by dans en nagvuursange . . .
Die witman se moed is gebreek,
hy trek noord op en hoop
om rus te vind vir sy wiel,
maar sy wiele rol reg in swartman,
in die nag se groter ellende!

NAGGEESTE (*driftig*):

Nagvuur en dans en sange
en drifte se bloedverlange!

GEESTE VAN GEVALLE HELDE (*links op*):

Ons dwaal in leë velde
waar niemand die dors kan les.
Soos die gloed van die aand in die wes
die na-droom van ewige brande
voor by die skimmige rande;
die tong is verkrimpte sool
waar ons dool en dool en dool:
die droomvoete gly in die sand,
asgaaie word stof in die hand,
geen Makana bedui ons die pad
na die beloofde, heerlike skat . . .

LEIER VAN NAGGEESTE:

Maar torings van berge jul roem
wat nageslagte sal noem.

GEESTE VAN GEVALLE HELDE:

In die vaal veld waai geen verwagting,
net die as van 'n doodse verlede,
en alleen is 'n sug in die wydte,
en alleen elke doellose skrede,
maar hy wat die grens oorgegaan het,
dors alleen na 'n eind'like vrede.

LEIER VAN NAGGEESTE:

Op die end van die reis straal die roem,
die beste wat sterflikes noem.

GEESTE VAN GEVALLE HELDE:

Jou lyflose woorde dra nik
wat die hart verlangend om skrei,
en naak jou rykste beloftes,
onsterlike spotterny:
die hart moet daarom ween,
alleen, alleen, alleen . . .
(*Hulle verlaat toneel regs*)
(*Geeste van die lig verskyn. Jonkvroue in roomkleur.*)

LEIDSTER VAN LIGGEESTE:

Nog word die dolle verset
teen wat die Tyd ordineer.
Kan julle met hout en skerp yster
die lig en die waarheid keer?
Kan julle die môre weerhou
as hy blink uit sy slaapkamer tree?
Die Gees wat die sterre formeer het
en die wind en die sout van die see,
Hy maak julle dwase versinsels
tot 'n spot van verwarring en wee.

KOOR VAN LIGGEESTE:

Tot 'n spot van verwarring en wee!

LEIER VAN NAGGEESTE:

Die witman gekwel in sy hoogmoed
trek weg met kind en vrou,
maar wie sal hom red in die bloednag,
wie red uit die tier se klou?

NAGGEESTE:

Wie red uit die tier se klou?

LEIER VAN NAGGEESTE:

Ek hoor hoe die noordkant dawer
van roepe in yslike nood;
ek sien hoe die aasvoëls se vlerke
oorskadu die oes van die dood.

LEIDSTER VAN LIGGEESTE:

Julle het nog weinig geleer,
want menswees moet leer om te gee
soos die boom sy vrugte gee,
soos die blom sy geur aan die wind,
soos die moeder haar troos aan die kind,
soos die voël sy môresang gee,
die stroom sy hart aan die see...
Maar julle dryf 'n dwase geslag
om te roof die geluk van die dag.

LIGGEESTE:

Maar julle dryf 'n dwase geslag
om te roof die geluk van die dag!

NAGGEESTE:

Die swartman staan op sy reg:
sy grond, sy bees en sy vrou;
en wie hom dit wil ontneem,
sal sy straf nog lank onthou.

LIGGEESTE:

Nog meer as dit vir die swartman,
nog meer as grond, bees en vrou:
as die vrede woon in sy land,
word sy groter kragte ontvou...

SPOTGEES (*sterk blas, met nousluitende rooi drag en mus*):

Holla! Holla! Holla!
Groot land, Suid-Afrika!
Maar julle mal getwis
gee darem ergernis.

LEIDSTER VAN LIGGEESTE:

Vanwaar kom jy, mal gees?
Wil hier die wyse wees.

LEIER VAN NAGGEESTE:

Wat kan jy hierheen bring,
verwenste tussending?

LEIDSTER VAN LIGGEESTE:

Nòg blank, nòg swart, is jy
gemaakte spotterny.

SPOTGEES:

Ek is van son en lug
tot groot begrip geweef
en haat die erns wat aan
jul ydel woorde kleef,
'n vrat wat die gladde bas
van 'n jong boomstam knou,
'n sloot gespoel oor die buik
van 'n somergroen landou.
Gevlug tot by die Limpopo
waar die lui krokodille hou
het ek, weg van suur mensgesigte,
van kommer onnodig geknou,
toe my die suidewind sê
van julle verspotte gekyf.
Daar is g'n ander resep:
hou erns weg van die lyf.
Ek dra 'n goeie begryping
die liewe aarde om
en bring 'n gesig van die dinge
wat elkeen sal verstrom.

LEIDSTER VAN LIGGEESTE:

O power lugweefsel, wat weet jy
van wat die Groot Gees plan?
Jy is maar bedrog van die lug,
op die somervloer van die pan!

SPOTGEES:

Laat witman kyk na die Noorde,
na wat hy daar gebou het
met eeu se arbeid en pyn
en seshonderd jaar gehou het:
nou louter woestyn!
Laat die witman bedink en bedink
voor die son van sy handewerk sink
Laat swartman kyk na sy spore,
'n nodelose spektakel;
niks baat sy wilde geworstel,
niks help as net 'n mirakel!

KOOR VAN LIGGEESTE:

Jy sien net die buitekant,
jy, lawwe, verdwaalde kalant!

SPOTGEES:

Hoor tog: die mense is swape,
die rykes, geleerde te saam;
wie hulle noem arme skape,
kies die regte, regte naam.
Want dit is maar altyd so:
wat bo is, is wel ook onder,
en wat onder is, is bo,
en wie hom hieroor verwonder,
het nog nie begin om te leer...

LEIER VAN NAGGEESTE:

Jou verstand is onderstebo:
gooi bier in 'n pot van onder,
en jou maag sal hom verwonder,
en dit is maar altyd so.

SPOTGEES:

Dit sê jy met erns, my waarde,
en glo, jy het reg gesien;
vir so 'n insig, bebaarde,
het jy 'n pluimpie verdien.
Want bierpot of koning of toorgoed,
dis alles ewe veel werd,
en voor en agter is eenders,
die slang se bek of sy stert;
en alles is nikks, glo my,
en alles is lankal dood,
en nikks regeer die wêreld,
en nikks is swaarder as lood!
Holla! Holla! Holla!
Ek moet lag oor die wat wil,
want deuskant die eerste bult
lê almal regte stil.
Paleise of kerke of kennis
is begeerte van 'n kind,
en volke se yslike strewe
is speelgoed vir die wind!
Wat kom dit op aan of volke
mekaar vermoor of bemin?
In die Tyd se kring, o wêreld,
maak die einde eers die begin!
Daarom vergeefs julle moeite,
dis eenders so of so;
dis 'n les om te leer, my goeies,
die onderste is bo.

LEIER VAN LIGGEESTE:

Gaan pleit by die krokodille,
verwenste ding van die lug;
jy mis die sin van alles
en speel op die kop van 'n klug.

KOOR VAN LIGGEESTE:

Gaan pleit by die krokodille,
verwenste ding van die lug;
jy mis die sin van alles
en speel op die kop van 'n klug.

SPOTGEES:

'n Klug is die wêreld, 'n grap,
van die sterre tot 'n gedagte,
en wie iets wil hou, is 'n dwaas,
en dwaas die mensgeslagte.
En waarheid is outydse sprokie,
die wens van verdorde gras;
alleemintige stelsels van mense
hol soos 'n droë kalbas.
Maar lag is die ander kant
van ernstige spekulasie,
met lag klim die hoogste woord
tot volmaakte variasie!

LEIDSTER VAN LIGGEESTE:

Genoeg geduld geoefen,
vermaledyde gedrog!
Dra dit weg, jou simpel gebabbel,
om elders daarmee te spog!

NAGGEESTE:

Trek weg na die Limpopo,
na jou gelykes, trek weg!

[*Nag- en Liggeeste het instussen dreigend op die Spotgees aangedring. Hy retireer en verdwyn regs.*]

LEIDSTER VAN LIGGEESTE:

Julle walg saam met ons van sy leegheid,
hy is uit nik en tot nik,
maar rap met geslepe tong,
vir die sin van 'n dwaas regte fiks.

Maar die wind sal lag by die hange,
en die son weef vir blank en swart
die geluk van rustiger dae,
'n tuin vir die vreedsame hart.
En hoor hoe die Groot Gees sorg
vir julle, vir Afrika wyd:
gras spruit en die bome bot,
dis sy hande se werksaamheid;
en Hy vermeerder die kudde
en Hy stuur wolke en reën
dat die mens gewaar in sy swakheid,
hy is nimmer en nimmer alleen.

KOOR VAN LIGGEESTE (*donderdreuning*):

O, hoor die geluid van sy donder,
aanrollend sy magtige stem;
die bliksem en hael, sy bodes,
wat mens en geeste beklem.
In die volheid van Tyd sal sy wil
in Afrika regeer,
dan buig ook barbare gehoorsaam
in eerbied voor Hom neer.

KOOR VAN NAGGEESTE:

O nag, o diepste begere,
sonder nag kan ons dalk verloor.

KOOR VAN LIGGEESTE:

Hy oorwin, wat homself oorwin;
wie sy drifte dien, moet verloor.

KOOR VAN NAGGEESTE:

Ons hoor maar begryp nog net effe
jul vreemd geblaas in die oor.
Die swartman gryp na sy toorgoed
wat hom eerste en laaste bekoor,
en baie maansékels moet groei
voor hy óp tot begryping kan bloei.

[*Toneel het intussen verdonker. Bliksem. Onderwyl
swaar stem van agter spreek, verdwyn Naggeeste lang-
saam.*

STEM:

Want gelijk de hemelen hoger
zijn dan de aarde, also zijn
Mijne wegen hoger dan uwe wegen,
en Mijne gedachten dan ulieder
gedachten.

*Terwyl gordyn sak, staan Liggeeste eerbiedig onder
sagte musiek.]*

Vincent van der Westhuizen

HEMELVAART

(die gebed van 'n dissipel)

En nou is dit volbring. U het gestort
deur alle kringe van my sterflikheid,
en na die dikste droesem moes U daal
van wat gebonde is aan stof en tyd.
Moerasse waar die modders giftig kook
het U deurwaad, gedool deur die woestyn
van Godverlatenheid. Aan graf en hel
het U U onderwerp. U ken my pyn.

Maar nou is dit volbring. U't opgestaan.
En ek — ek het alleen die blinde vrees
van ongeloof geken: Was dit U self
wat ek aanskou het, of 'n bose gees?
Kon ek wat sterwend was, aan lewe glo
of in U offer, glo U was die Lam?
Toe het U in U palms my getoon
die donker teken van die spykervlam.

Dit is volbring. 'n Miswolk het U van
my staar geskei, en U het opgegaan
na waar ver bo die son en alle sterre
die Troon verhewe is, en yswit staan.
Nooit was 'n wêreld so verlate nie,
maar toe het U U gees, my Heer, gestuur
nie óór my nie, maar ín my, God, en op
my voorhoof was die teken van Sy vuur.

Hy is 'n branding, en 'n sterk begeerte,
'n onrus en 'n vrees; Hy dryf my voort
oor al die paaie wat U moes bewandel
totdat ek staan, en klop voor ... watter poort?
Wanneer die miswolk in die ooste skeur
en alles helder word, deel ek die lot
van 'n apostel, digter, of profeet...
of is ek... is ek... dalk... Iskariot?

MAN IN DIE OUE-TEHUIS

Die wisselwiel van duisternis en lig,
die mallemeul-seisoene het vir hom
tot teen hul wydste some uitgekring
waar hy nou, in die winterson gekrom,
die dadelose ure sit en meet,
hul skadu-gange volg met oë soos ryp
en dooi gedagtes prewel. Swakkies teug
hy aan 'n koue, skeefgerookte pyp.

Tot waar die jare agtertoe verkim
sien hy, onwerklik nou, hul karteling,
maar wat is droom, en wat is werklikheid,
verbeeldingsvlugte of herinnering?
Nou dool hy deur die grenslose gebied
van skemerslaap, waar droomgestaltes yl
uit donker skeure newel. Daar wel dof
verlangens wat hy nou nie meer kan peil,
'n vlamme-hartstog, soos 'n vae pyn,
waarvan hy net die na-gloor nog gewaar,
want niks is vorm-vas of sterk omlyn,
en alles het verwasem voor sy staar.

Dan, as hy opskrik uit sy sluimering,
voel hy die kilte wat sy lede stram
laat sidder, en hy sien die skugter son
laag bo die rante teen die weste vlam.

Uit:

Die Satirikon van Petronius Arbiter

Vertaal deur J. J. HUMAN



Vooraf: Petronius Arbiter was 'n howeling van Nero, maar as gevolg van knoeiery is hy verdink van 'n sameswering teen die keiser. Voordat hy veroordeel kon word, het hy selfmoord gepleeg.

Sy werk moet gereken word tot van die belangrikste in Latyn, hoewel hy eers weer in hierdie eeu baie aandag ontvang het. T. S. Eliot sê in een van sy opstelle: „We think more highly of Petronius than our forefathers did,” en ons besef die betekenis van hierdie woorde pas wanneer ons bv. in dr. Smith se *Classical Dictionary* (1860) slegs die volgende verwysing na die Satirikon vind: „It is a sort of comic romance, filled with disgusting licentiousness.”

Die grootste gedeelte van die Satirikon het verlore gegaan: slegs fragmente uit boek XV en XVI het behoue gebly. Alhoewel ons geen aanduiding het van wat die werk alles oorspronklik bevat het nie, is klassici vrywel algemeen die mening toegedaan dat die Satirikon 'n parodie op die Aeneïdes of die Ilias was. Maar of dit nou so is of nie, Petronius het in hierdie werk 'n indrukwekkende beeld gegee van die verval van die Romeinse ryk met sy skildering van die losbandige lewe, die immoraliteit en die barbaarsheid van die geldkonings wat, soos Trimalchio, dikwels totale parvenu's was, of in die woorde wat Agamemnon so graag gebruik: „'n Niks wat iets geword het.” Daarby is sy karakterbeelding uitmuntend en slaag hy daarin om

sonder veel omskrywing 'n situasie op onvergeetlike wyse te skep. Let slegs op die onsamehangende dronkemanspraatjies om die tafel, die hondse manier waarop die gaste vir Trimalchio vlei en die onopgevoede gasheer self met sy spoggerigheid waarmee hy slegs sy algehele onkunde verrai.

In die moderne letterkunde kom ons Petronius dikwels teë. Eliot het 'n sin uit die Satirikon voor in sy *Waste Land* geplaas en ek voel daarvan oortuig dat 'n vergelyking tussen die *Satirikon* en Joyce se *Ulysses* veel interessants sal oplewer. Ook vir Yeats het Petronius betekenis gehad. Ek dink hier aan die waardestelsel wat die Romein vir hom simboliseer waar hy in die eerste vers van sy *Upon a Dying Lady* sê:

She would not have us sad because she is lying there,
And when she meets our gaze her eyes are laughter-lit,
Her speech a wicked tale that we may vie with her,
Matching our broken-hearted wit against her wit,
Thinking of saints and of Petronius Arbiter.

.

Met dat hy sê: „Kom ons eet,” hardloop vier dansers op die maat van musiek na vore en verwyder die boonste gedeelte van die skinkbord. Daarin sien ons toe vet hoenders en soguiers en in die middel 'n haas wat met vlerkies versier is sodat hy soos Pegasus lyk. Op elke hoek was daar 'n beeldjie van Marsias waaruit daar pepersous oor 'n klomp vissies spuit sodat dit lyk of hulle in die rivier Euripus rondswem. Die hele huishouding het begin hande klap en ons het meege doen terwyl ons ewe vrolik op die heerlikhede toesak. Trimalchio wat self in sy skik was met die knap stukkie werk, roep: „Sny!” Daarop klink die musiek weer op en die voorsnyer kom nader, maar hy doen sy werk met soveel gebare dat jy sou swer dat hy staan op 'n strydwa en veg met orrelbegeleiding.

Ek was nie huis op daardie moment lus vir die kos nie en draai my toe na die kêrel wat langs my sit om maar soveel as moontlik by hom uit te vind. Nadat ons so 'n rukkie gesels het, vra ek hom wie die vrou is wat gedurig heen en weer draf. „Dit,” antwoord hy, „is Fortunata, Trimalchio se vrou. Sy meet haar geld by die streepsak. En wat was sy maar nog nou die dag? Verskoon my dat ek dit so stel, maar jy sou haar nie met 'n tang aanraak nie! En niemand weet hoe of waarom dit gebeur het nie,

maar hier is sy nou in die sewende hemel en Trimalchio verbeel hom die son skyn uit haar oë. Ek sweer jou voor, as sy twaalfuur in die middag sê dis donker, dan sal hy haar glo. En hy, hy is so ryk en verryk dat hy nie eens weet wat hy alles besit nie. Maar daardie bordeelhoudster kyk na alles, selfs waar jy dit nie sou verwag nie. Sy's gewetenloos, bereken en sy het goeie raadgewers. Sy is haar gewig in goud werd, het 'n skerp tong en praat sonder ophou. Wie sy liefhet, het sy lief, en wie sy nie liefhet nie, dié het sy nie lief nie.

,Wat Trimalchio betref, hy het plase net waar jy kyk en tonne geld. Sy deurwagter het meer geld as menige ryk man. En sy bediendes! Liewe vader, negentig persent van hulle het nog nooit eers hulle heer met 'n oog gesien nie. Met een woord: hy kan met enigeen van daardie klomp heuningkwasswaaiers daar om hom maak net wat hy wil.

,En hy het nie nodig om iets te koop nie. Alles hou hy self aan: wol, sederolie, peper, melk, hoenders — jy sal dit alles op sy eiendomme kry. Sy wol was nie goed genoeg nie, gevolglik het hy ramme in Tarentum laat aankoop en 'n beter ras geteel. Hy het bye van Athene laat kom sodat sy heuning net so goed soos die Grieke s'n kan wees (en sommer so terloops die Grieke sy slaweras ook laat verbeter!) 'n Paar dae gelede het hy sampioenesaad uit Indië bestel. Al sy muile is van wilde donkies geteel. En sien jy hierdie kussings? Die laaste een is opgestop met kosbare purper en skarlaken stof. Hoe heerlik moet hy dit nie hê nie!"...

Maar in hierdie stadium het Trimalchio die kêrel se staaltjies onderbreek. Die gereg was al wegogeneem en die gaste het gesit en wyn drink en gesels. Dis toe dat ons gasheer wat ewe rustig op sy elmoog leun, sê: „Visse moet swem en julle moet suip. Maar kyk, het julle miskien gedink dat ek tevrede is met daardie gereg wat nou net wegogeneem is? ,Is dit hoe julle Ulysses ken?' Wel, wat wil julle dan hê? Laat ons darem die boonste verdieping ook werk gee terwyl ons die kelder volstop. (Mag my eertydse meester in vrede rus: hy wou van my 'n mens onder die mense maak). Niemand kan my iets nuuts leer nie — dit bewys daardie skinkbord wat nou net hier wegogeneem is.

,Nou, in die hemel woon daar twaalf gode, en die sterre kan dan ook in twaalf groepe ingedeel word. Op die oomblik heers die konstellasie van die Ram. Enigiemand wat onder hom gebore word, besit baie vee, baie wol en is 'n

hardekop en skaamteloos. Onder hierdie konstellasie word die meeste geleerdes en boewe gebore."

Ons was vol lof vir ons astroloog, en hy vervolg: „Daarna kom die konstellasie van die Bul. Dan word bullebakke, herders en mense wat vir hulleself kan sorg, gebore. Karperde, osse en mense wat twee vlieë met een klap kan doodslaan word onder die Tweeling gebore. Ek self is onder die konstellasie van die Kreef gebore. Daarom staan ek op baie bene en besit veel, op see sowel as op land, want 'n kreef is ewe tuis in albei. En van hom sal ek nikks meer sê nie, sodat ek nie straks my eie konstellasie verduister nie. Onder die Leeu word vreethanse en regeerders gebore, onder die Maagd vroue, weglopers en gevangenes en onder die weegskaal slagters, salfmakers en alle sakemannetjies. Onder die Skutter afgunstige mense, kruiedokters en handelaars in varkvet, onder die Steekbok hulpelose mense, onder die Waterman herbergiers en vetsakke en onder die Visse bakkers en orators. So draai die wêreld soos 'n meule al in die rondte en bring altyd die een of ander onheil mee, bv. mense word gebore of gaan dood. In daardie geregt wat pas weggenoem is, het julle in die middel 'n grapsel gesien en bo op die grapsel 'n heuningkoek. Nou, ek doen nikks sonder 'n rede nie. Moeder aarde is in die middel soos 'n ronde eier en bevat in haarself al die goeie dinge, net soos 'n heuningkoek."

„Briljant!” roep ons almal uit en sweer met die hande na die hemel gerig dat nog Hipparebus nog Aratus met hom vergelyk kan word.

Met dié kom daar weer 'n paar knegte in en hulle plaas oortreksels op die banke. Op die oortreksels was daar afbeeldings van vangnette en van jagters wat op die loer lê, met spiese en dergelike jaggerei byderhand. Ons wis nog nie wat om van die affére te dink nie toe daar meteens buite in die portaal 'n helse lawaai losbars en 'n klomp jaghonde ingestorm kom en rondom die tafel hardloop. Daarop word 'n geweldige skinkbord ingedra met 'n bosvark van reuse afmetings daarop. Die bosvark het 'n pet op sy kop gehad, soos dié wat slawe by vrystelling kry om te dra. Aan haar tande het twee mandjies, gemaak van palmlblare, gehang, die een gevul met dadels en die ander met amandels. Rondom haar het 'n aantal klein varkies (van koek gemaak) gelê asof hulle besig is om te suip, wat natuurlik bewys het dat dit 'n sog is. Hierdie varkies was geskenke vir die gaste.

Toe kom die voorsnyer in, 'n ander kêrel as in die begin,

'n bebaarde reus, geklee soos 'n jagter en met 'n veelkleurige kortbaadjie aan. Hy bring 'n jagtersmes te voorskyn en maak 'n gat in die bosvark se buik, waarop 'n swerm lysters daaruit vlie. Die voëlaars was egter gereed met hulle lang belymde vangstokke en in 'n oogwink was al die voëls gevang. Daarop beveel Trimalchio dat elke gas 'n voël moet kry en voeg daarby: „Maar kyk 'n bietjie op watse akkers hierdie vark gevoer is." En terstond kom twee seuns nader, gryp die mandjies wat aan die dier se tande hang, en deel die dadels en amandels onder die gaste uit.

Ek het intussen so op my eentjie gesit en wonder waarom die vark nou eintlik 'n mus op haar kop het. Ten einde raad wend ek my maar weer na my informant en hy antwoord: „Dit sal jou slaaf jou kan sê. Die saak is so helder soos daglig. Hierdie bosvark het gister as hoofgereg gedien. Toe die eters klaar was, het hulle haar vrygelaat en vandag keer sy dus as vrygestelde slaaf terug." Ek het my onnoselheid verwens en my voorgeneem om nikks weer te vra nie, sodat die mense nie dalk dink ek het nog nooit by hoë lui geëet nie.

Daarop staan Trimalchio op en ons ander begin met allerlei kletspraatjies. Een kêrel roep om groter glase en sê: „Die dag is nikks nie. Voordat jy jou kan draai, is dit al donker. Daarom is daar nikks lekkerders as om direk van die bed na die bad te gaan nie. En dan is dit nog so koud ook! Selfs 'n stomende bad kan my nie warm maak nie. Maar 'n lekker dop is soos 'n jas. Ek het 'n paar stywes agter die blad en ek is propvol. Die wyn het na my kop gegaan."

Maar Seleukus voor die saak verder. „Ek was my nie elke dag nie," sê hy, „want die water is te bytend koud, en elke dag sak my moed as ek daaraan dink. Maar as ek 'n paar lekker doppe gesteek het, dan sê ek: te duwel met die koue! Buitendien kon ek nie vandag bad nie — ek was by 'n begrafnis. Arme Chrisantus — het was 'n doodgoeie siel, maar hy't lepel in die dak gesteek. Og, og! Ons is almal maar net 'n klomp opgepompte blase. Ons is nog minder werd as die vlieë — 'n vlieg het darem nog iets in hom, maar ons! Net 'n klomp seepbelle! En julle dink natuurlik hy het nie sy perke geken nie? Vyf dae lank het hy geen druppel, geen krummeltjie oor sy lippe gehad nie! En tog is hy heen! En dis die dokters se skuld, of liewer, die noodlot s'n. 'n Dokter is tog nikks meer as 'n troos nie. Ewenwel, hy is in staatsie uitgedra op 'n deftige baar. Hy is deeglik beween (hy het heel party slawe vry-

gestel), maar sy vrou was nie huis treurig nie. En wat daarvan as hy haar sleg behandel het? 'n Vroumens is soos 'n bedorwe kind: dit baat jou nie om aan hulle goed te doen nie, jy kan jou goedheid net sowel in die water gooi. Maar 'n ou liefde is soos kanker — hy maak jou dood, maar jy kan nie van hom ontslae raak nie."

Die geklets het ons begin verveel, en Phileros roep uit: „Dink aan die lewendes! Hy't gekry wat hy verdien het: hy het eerbaar gelewe en eerbaar gesterwe. Wat het hy nou wat enigiemand sou wou hê? Hy was eers nikks nie en sou enige tyd met sy tande 'n stuiwer uit 'n mishoop gehaal het. Hy het gegroei soos 'n heuningkoek. Ek sweer hy het 'n honderdduisend nagelaat, en alles in harde munt. En ek kan nie lieg nie, want ek het nou net 'n hondetong geëet... En hoe oud dink julle het hy geword? Oor die sewentig — maar hy het hardekwas gebly, sy jare goed gedra en sy lewe lank alles behalwe 'n witmens gewees. Ek ken hom al donkiejare. Ja-nee, hy was lief vir vroumense en het van alles iets geweet. En ek neem hom dit ook nie kwalik nie: die bietjie plesier wat hy gehad het, is al wat hy saam met hom die graf kon inneem.”

Hierop val Ganymedes in: „Wat julle praat, het nikks te doen met die hemel of die aarde nie. Niemand gee skynbaar om wat van die graanposisie gaan word nie. Ek kon vandag waaragtig nêrens 'n happie brood in die hande kry nie! Dit bly maar droog. Die hongersnood duur nou al 'n jaar. Ek sé: te hel met die markmeesters! Hulle is kop in een mus met die bakkers. Die een hand was die ander. En die gevolg is dat die man in die straat die spit afbyt. Daardie groot menere hou net heeldag vakansie. Was dinge maar nog so plesierig soos toe ek die eerste keer hier aangekom het uit Asië! Ek onthou nog vir Safinius. Toe ek nog 'n seuntjie was, het hy by die Boog gewoon. Daar was nou vir jou 'n kêrel: pure peper. Waar hy geloop het, het die aarde self geskroeい. Maar 'n reggeskape en betrouwbare man, 'n vriend vir sy vriende en iemand met wie jy in die donker kon dobbel. En in die senaat moes julle hoor hoe hy 'n man se kop kon was! Hy het ook nie met 'n groot omhaal van woorde gepraat nie, maar 'n ding sommer so op die man af gesê. Wanneer hy 'n vergadering in die forum toegespreek het, kon hy sy stem laat swel soos 'n basuin. Hy het nooit gesweert of gespoeg nie en ek dink hy het iets Asiatis in hom gehad. En hoe vriendelik het hy 'n mens altyd gegroet! Hy het elkeen op sy naam geken asof hy sommer een van ons was. In sy tyd was koring so volop soos modder. Toe kon jy vir 'n stuiwer genoeg brood koop

vir twee mense. Vandag kos 'n osoog jou meer! Og, og, dit word by die dag erger. Hierdie land is soos 'n kalf se stert: hy groei na onder. Vat maar ons markmeester — hy is nie 'n pennie werd nie. 'n Stuiwer in sy eie sak beteken vir hom meer as 'n ander man se lewe. Waarom is dit so? Hy lag natuurlik in sy vuis want hy maak meer in 'n dag as menigeen in 'n leeftyd. En ek weet waar hy sy geld vandaan kry. As daar iets in ons gesteek het, dan sou hy dit nie so lekker gehad het nie. Maar ons is vandag leeus in die huis en jakkalse op straat. Wat my betref, ek het my laaste draad klere verkoop, en as sake nie verbeter nie, sal ek my huis ook moet verkoop. Watter toekoms wag daar vir ons as God nog mens hom oor hierdie streek ontferm? Laat ek maar die geselskap van my vriende geniet, want ek glo alles kom van die hemel af. Vandag glo niemand meer aan 'n hemel nie, niemand kom die vastye na nie, niemand heg enige waarde aan Jupiter nie, en die enigste tyd wanneer hulle op hulle knieë gaan, is wanner hul die waarde van hulle eiendomme wil bereken. Daar was 'n tyd toe die vroue kaalvoet die heuwel uitgeklim het; hulle hare was ongekam, maar hulle harte rein, en hulle het God gebid om reën. En dan is hulle ook verhoor en dit het gestort — of anders sou dit nooit weer reën nie. Almal is dan sopnat terug huis toe. Maar ons het ons gode vandag in 'n hoekie geskuif, en hulle is met stof bedek, want ons glo nie meer nie. Ons lande lê braak . . . "

„In Godsnaam, kôrel,” sê Euchon, die kombersmaker, „praat tog sin! Soos die boer gesê het toe hy sy een bont vark verloor het: ,hy's nou hier en nou daar.' Wat vandag nie gebeur nie, sal môre wel gebeur. So gaan die lewe maar voort. As die regte mense net daar is, dan kan jy wrat>tag nie sê die land gaan agteruit nie. Op die oomblik is hy nou wel effens in die knyp, maar hy's ook nie die enigste nie. Dit help jou nie dat jy die sake te veel ter harte neem nie: die hemel bly maar ewe ver, waar jy ook al is. As jy in 'n ander streek gebly het, sou jy hoogs waarskynlik vertel het dat die varke hier klaar gebraai rondloop. En noudat ek daaraan dink: een van die dae gaan ons 'n fees hê wat drie dae lank sal duur, en die swaardvegters sal ook nie sommer 'n klomp slawe wees nie. Onse Titus is 'n man met 'n groot hart, al is hy soms effens heethoofdig. Dit sal in elk geval die moeite werd wees. Ek ken hom goed, en ek verseker julle hy doen niks half nie. Daar sal genoeg wapens wees, niemand sal weghardloop nie en die arena sal soos 'n slaghuis lyk. Hy het ook genoeg geld daarvoor: hy het tonne geld geërf toe sy vader skielik dood

is. Hy kan 'n jong fortuintjie uitgee sonder dat dit enige verskil aan sy boedel sal maak. Hy het 'n aantal kleinboere, 'n vroue-koetsier en Glyko se kamerheer. Hierdie kamerheer is betrap terwyl hy en die baas se vrou 'n stoutigheid aangevang het — die ou stryd tussen 'n galante en jaloerse man. Ewenwel, daardie kerkmuis van 'n Glyko het hom veroordeel tot 'n geveg met die diere. Wat het die arme vent verkeerd gedoen? Sy nooi het hom hoogs waarskynlik ook nog daartoe uitgelok. Daardie ellendige koei moes eerder gestraf geword het as die arme bulletjie. Maar aan die donkie kon hy niks doen nie, toe moes die saal maar in die slag bly"...

Hierdie geklets was nog aan die gang toe Trimalchio terugkom. Nadat hy opdrag gegee het dat 'n vark gaan gemaak moet word, draai hy hom weer na ons en sê: „As julle nie van hierdie wyn hou nie, sal ek ander laat kom. Maar julle moet reg daarvan laat geskied. Goddank, ek hoef niks te koop nie. Ek kan aan niks eetbaars dink wat nie op my een buiteverblyf te vinde is nie. Ek was self nog nie daar nie, maar hulle vertel my dat hy aan Tarracina en Tarentum grens. Ek oorweeg dit ook nou om Sicilië aan te koop sodat ek langs my eie kuste na Afrika kan reis.

„Maar sê my, Agamemnon, watter slimmigheid het julle weer vandag in die klas gehad? Ek neem self nooit aan argumente deel nie, maar ek het darem op my dag letterkunde geleer. En jy begaan 'n fout as jy dink ek stel nie belang in geleerdheid nie. Ek besit twee biblioteke, die een met Griekse en die ander een met Latynse boeke. Maar sê my nou, waaroor het julle vandag geredeneer?”

„'n Arm man en 'n ryk man het getwis,” begin Agamemnon, maar Trimalchio val hom in die rede met: „Wat is 'n arm man?”

„Hoe gevat!” roep Agamemnon uit en begin toe die een of ander argument uiteensit, waarop Trimalchio vir hom sê: „As dit gebeur het, dan kan daar geen meningsverskil wees nie; en as dit nie gebeur het nie, dan is daar niks nie.”

Ons het al hierdie geestighede groot lof toegeswaai, maar Trimalchio gaan voort: „Luister, my liewe Agamemnon, onthou jy nog die twaalf take van Herkules, of die storie van hoe die Siklope Ulysses se duim uit lit gedraai het met 'n knypinstrument? As seun het ek dit alles in Homerus gelees. Want met my eie oë het ek die Sibilla in Cumae in 'n fles gesien hang en wanneer die seuns

haar vra: „Sibilla, wat wil jy?” het sy altyd geantwoord:
„Ek wil sterf.”

Toe Agamemnon die kroon van nader bekyk, sê Trimalchio: „ek is die enigste mens wat egte Korinthiese silwer besit.” Ek het verwag dat die verwaande vent gaan sê hy het dit uit Korinthe laat kom, maar hy het ons weer getroef: „En miskien,” sê hy, „sou julle vra waarom net ek egte Korinthiese silwer besit? Omdat die smid by wie ek hierdie dinge koop, Korinthus heet. En beteken Korinthies nie ‚dit wat iets met Korinthus te doen het’ nie? En moenie dink ek is ‚n swaap nie! Ek weet baie goed waar Korinthiese metaal vandaan kom. Na die val van Troje het Hannibal, ‚n geslepe vent en ‚n ware skurk, al die brons, goue en silwer beelde op ‚n hoop gegooi en aan die brand gesteek. Dit het een deurmekaar gesmelte massa geword. Hiervan het die ambagsmanne skottels en bekers en beelde gemaak. Dit is dan hoe Korinthiese metaal ontstaan het: ‚n mengsel van alles, nog die een, nog die ander . . . In silwer stel ek vreeslik belang. Ek besit ongeveer ‚n honderd drinkbekers. Op hulle is daar afbeeldings van hoe Kassandra haar seuns doodmaak, en die dooie seuns is so realisties afgebeeld dat jy sou sweer dis lewende wesens! Dan het ek omtrent ‚n duisend bakke wat Mummius aan my voormalige heer nagelaat het. Daarop kan ‚n mens sien hoe Daedalus vir Niobe in die Trojaanse perd sit. Ek het ook die swaardgevegte van Hermeros en Petraites op my bekers. Hulle is almal baie swaar: ek besef hulle waarde goed en sal dit vir geen geld ter wêreld verkoop nie” . . .

„Meester,” vra Trimalchio vir Agamemnon, „van wie hou jy die meeste: Cicero of Publilius? Ek dink Cicero is verdienstelik, maar Publilius eerlik. Wat kan mooier wees as dit?:

Om die vestings van Rome sluit die kake van praal —
Vir jou wellus word die trotse haan vereensaam vet
gevoer

(sy pluime skitter in die son soos Babiloniese borduur-sel),

Vir jou kom hoenders uit Numidië, en kapoene,
en maak die ooievaar — ‚n gas uit verre streke,
die getroue, dungepote sanger met sy kastanjettebek,
banneling van die winter, die herout van warmer
lentes —

in die skottels op jou tafel sy laaste nes.

Waarom reik jy na die pêrel, na die snoer uit verre
Indië,
die groen smarag, die kostelike glas, die vuursteen uit
Karthage?
Of moet jou adel aan jou vingers flonker, jou eer laag
aan jou ore hang?"

Carl van Heerden

ENGEL

Jy het deur bloutes neergedaal tot hierdie plek
waar sirkels van 'n kleiner koepel oor jou strek
om weekliks hier te staan in droom en treur.

Die mense buite praat: ontsettend wat gebeur!
Is dit mensehande of deur God beskik?
Die aarde is 'n seepbel net... 'n speldeprik...

En stof keer terug tot stof en vuur en slik.
Maar Sondags sprei jy weer jou vlerke uit
op golwe van die eter; jou woorde stuif.

teen radiostasies oor die ruim — 'n skril gefluit.
Net enkeles draai die naald en meterband bedaard
of sit gelate in Sondagspakke om jou heen geskaar.

Toe het almal met ontsetting dit gewaar:
hoog bo aan jou vlerkenok
bengel kruis teen swarte galtoustok!

Leipoldt weer in die Gedrang

J. KROMHOUT

In jaargang 3 nommer 3 van die *Tydskrif vir Letterkunde* het ek in 'n artikel oor Leipoldt dele aangehaal van die gedig *Scheepers* soos ek dit van die Britse Museum vanuit die weekblad *The New Age* ontvang het, en het ek — ook vanweë sy eie uitlatings en dié van ander — aangeneem dat Leipoldt die digter was. Nuwe inligting dui op ander moontlikhede, op 'n harwar van feite en bewerings waaruit die belangstellende leser voorlopig sy eie gevolgtrekkings moet maak. Wat hier volg, is derhalwe tegelyk 'n mededeling en 'n navraag.

The New Age was 'n Londense tydskrif: „A democratic Review of Politics, Religion, and Literature. (It) stands for Human Brotherhood, Political Liberty, and Economic Justice.” Dit het elke Donderdag verskyn (prys een pennie!) en was ten tye van die Tweede Vryheidsoorlog sterk pro-Boers. Publikasie van die tydskrif is in 1938 gestaak.

In *Die Huisgenoot* van 1 Desember 1933, in sy artikel *Eerste Skoffies*, praat Leipoldt van: „My eerste gedrukte versies het verskyn in die *New Age* tydens die Tweede Vryheidsoorlog, 'n paar van hulle is opgeneem in die bundeltjie *Oorlogsgedigte* wat later deur daardie blad uitgegee is.” M. A. Bax-Botha, in *Eensame Veelsydige*, bladsy 25, skryf: „Daar het bv. twee Engelse sonnette van hom in *The New Age* verskyn. In beide behandel hy die moord op Scheepers.” Mej. A. Schepeler, namens die Britse Museum, het vir my die destydse nommers van *The New Age* nageslaan, maar kon net twee naamlose gedigte, waarin die naam Scheepers voorkom, vind: *Scheepers*, en: *The Four Roads; A Capetown Poem*. Die bundeltjie *Oorlogsgedigte* kon ek nie opspoor nie. Waarskynlik het dit nooit bestaan nie. Dit is in alle geval twyfelagtig of *The New Age* Engelse gedigte onder 'n Afrikaanse titel sou uitgee.

Met die ter perse gaan van my proefskrif stel prof. M. S. B. Kritzinger my egter die seldsame bundel *Songs of the Veld and other Poems* ter hand, synde herdrukke uit *The New Age*, deur daardie blad in 1902 uitgegee „at the request and at the cost of readers of that journal,” blykens 'n Note voorin. Daar was destyds ongeveer 300

intekenare ('n lys van hulle name word ook voorin verstrekk) en die prys van hierdie versameling van 136 bladsye was een sjieling. Vermoedelik was die oplaag klein.

Toe blyk dit dat *Scheepers* sowel as *The Four Roads* in die heel eerste afdeling van twaalf gedigte, *Poems from Capetown*, voorkom. Die byskrif by hierdie afdeling is: „The following poems from Capetown reached the Editor of *The New Age* at intervals during the war, and were published as they arrived. The author prefers to remain anonymous” (ek kursiveer). Die tweede afdeling van vyf gedigte, *Poems from Capetown by other writers*, meld die name: South African Woman en A.P. (in beide gevalle = mev. Anna Purcell, altesame vier gedigte) asook een gedig deur F.W.B. (= Leipoldt). Daar is 'n derde afdeling, *Poems by Bertrand Shadwell* (13 in getal, waarvan 9 oor die Engelse oorlog), terwyl die laaste afdeling van 37 gedigte, waarvan 22 oor of na aanleiding van die oorlog hier in Suid-Afrika is, orals van name of voorletters voorsien is. Leipoldt se naam of bekende skuilname kom nie hier voor nie. Die gedigte in die eerste twee afdelings bevat almal 'n aanduiding dat hulle in „Cape Town” of „Cape Colony” geskryf is, maar die gedigte in die ander afdelings nie.

Tensy *The New Age* versuim het om al die ontvange „Kaapse” oorlogsgedigte in die bundel te herdruk (maar ook mej. Schepeler kon nie sulke ongebundelde gedigte opspoor nie) is Leipoldt se bydrae(s) tot dié blad op dié gebied beperk tot net *The Executions in Cape Colony* (hieronder afgedruk) en tot almal of geeneen van die eerste twaalf gedigte nie. Daar moet dus vasgestel word wie die een, enkele digter is van die naamlose reeks: *Poems from Capetown*.

1. Die eerste vyf gedigte in hierdie reeks het datums van vóór Januarie 1902, dit is toe Leipoldt na Europa vertrek het. *Scheepers* is op 12 en 24 Januarie 1902 geskryf; maar die oorblywende ses gedigte (*The Four Roads* inbegrepe) strek van 20 Maart 1902 tot 15 Junie 1902. Een van hulle is egter ongedateerd en 'n ander, onder die titel *The End is not yet*, bevat 'n byskrif dat dit aanvanklik in die *South African News* van Oktober 1900 verskyn het (maar 'n soektogg — deur ander namens my onderneem — in die daagliks en weeklikse uitgawes van dié blad in sowel die S.A. Openbare Biblioteek as die Kaapse Argief het geen resultate opgelewer nie, anders kon 'n mens langs dié weg miskien die outeurskap bepaal het).

2. Mev. Anna Purcell het op 14 Februarie 1936 op 'n navraag van prof. Kritzinger per brief geantwoord dat sy en Leipoldt die vorige dag „besluit” het oor die outeurskap van daardie naamlose twaalftal. Die eerste gedig, *Two June Pictures*, word deur hulle aan F. C. Kolbe toegeskryf (wat egter pas oorlede was — vergelyk Leipoldt se artikel oor hom in *Die Huisgenoot* van 7 Februarie 1936). Ses gedigte word aan mej. Alice Green toegeskryf, en vier, waaronder *Scheepers*, aan mej. Elizabeth Molteno. Een gedig is onaangedui.

3. Dan blyk dit dat *Scheepers* in 'n ou, ongedateerde pamphlet (tans in die besit van mnr. J. B. R. de Villiers van Kaapstad) herdruk is as 'n werk van Olive Schreiner — kyk *Die Burger* van 14 November 1953, waar 'n correspondent 'n deel daarvan aanhaal en aan haar toeskryf.

• • • •

Olive Schreiner is nie huis as digteres bekend nie. In haar *Stories, Dreams and Allegories* (1923) verskyn net een gedig, op bl. 141: *The Cry of South Africa* (datum 9/5/1900) wat nie in *Songs of the Veld* voorkom nie. Sy het wel meeslepende toesprake gehou en politieke pamphlette hier en in Engeland onder haar naam laat druk. Van haar beste vriendinne was mev. Anna Purcell en die onafskeidelike mejj. Green (e) en Molteno. Sy meld dat mej. Green „wrote verses.” En sy het *The New Age* gelees (vgl. *The Life of Olive Schreiner*, deur S. C. Cronwright-Schreiner, bll. 311, 316, 338, 345 en 346; en *The Letters of Olive Schreiner*, saamgestel ook deur haar man, bll. 234 en 246). Nòg in hierdie twee boeke, nòg in *Not Without Honour* (die ander biografie, deur Vera Buchanan-Gould, 1948) word na 'n reeks Engelseoorlogsgedigte van die omstrede Olive Schreiner verwys.

Kolbe se digbundels *Thoughts and Fancies* (g.d.) en die daaropvolgende *Additional Verses* (1919) bevat nie die *Two June Pictures* nie. Die dames Green en Molteno, van wie ons die minste weet — beide „simpatiserders” soos Olive Schreiner — het hulle ná die Engelse oorlog permanent in Engeland gaan vestig. Al die betrokke persone, mev. Purcell inkluis, is oorlede.

Miskien geluk dit iemand om nog die outeurskap van dié twaalf gedigte — waarvan party „sterk” gedigte is en nie sonder kunswaarde nie — vas te stel. Sy bevindings kan moontlik nuwe lig op Leipoldt se digtersbedrywighede werp maar behoort in alle geval 'n bydrae te wees tot die studie van die Suid-Afrikaanse Engelse poësie.

THE EXECUTIONS IN CAPE COLONY
A fragment.

The gibbet and the grave gave life, and will
Give life again to those that strive and strain
For freedom and its cause; nor strive in vain
Those whose desires need force and cords to kill.

The thing is done; or right or wrong 'tis done,
And only the remembrance shall endure.
But not the memory of a wrong shall stand
More firm or rooted faster or more sure.
And it shall serve to keep this dismal land
More dismal till the final aim is won.

F.W.B.

Cape Town, July 30, 1901.

D. P. M. Botes

OFFERANDE

Anna!

Aan jou bring ek die eerste vrugte:
'n Offerande
van my Godsgeseënde hande.

Ek bring vir jou druwe:
'n Tros:
Een in pers gedos,
Een soos stukke goud so bros.

Ek bring jou die eerste granate
as die son hul met amber verf:
Gepluk op ons eie plasie;
Gebring van ons eie werf.

Anna!

Aan jou bring ek die eerste vrugte:
'n Offerande
van my Godsgeseënde hande.

Beskouings van ons Lesers

HORA EST!

Dr. Rob. Antonissen skrywe:

In die vorige nommer van hierdie tydskrif (jaargang IV, nommer 2) het, onder die titel *Hora Est*, 'n artikel van Abel Coetzee verskyn. Die betoog daarvan — vir sover ek in staat was om dit te „volg“ — word m.i. geresumeer in die sin: „Die uur is daar, die lotsuur waarin groot dinge vir die Afrikaanse kultuur beslis sal word, want ons belagers staan slaggereed opgestel.“ Oor die juistheid van hierdie bewering, en oor die algemene strekking van die artikel, wil ek hier nieoordeel nie; dit mag ander mense as hul taak beskou. Maar die skrywer se insinuasie — feitlik méér as dit! — dat ondergetekende, asmede dr. C. J. M. Nienaber en dr. T. T. Cloete, onder daardie „belagers“ gereken moet word, wil ek met die grootste klem aan die kaak stel as 'n hemeltergende onwaarheid. Nie slegs die insinuasie self nie, maar ook die wyse waarop die sg. gronde vir daardie insinuasie voorgestel word, getuig van 'n byna ondenkbare kwaadwilligheid, sodat ek my genoodsaak sien om Coetzee se aantygings teen my persoon — (dr. Nienaber en dr. Cloete sal ongetwyfeld die voorkeur daaraan gee om eventueel hul eie verdediging op te neem) — met die hierna volgende bewysmateriaal te weerlê en op 'n ondubbelzinnige wyse waarheid teenoor verdigsel te stel.

Coetzee se aantygings en insinuasies kan in drie punte saamgevat word: 1. Antonissen het die stryd aangebind teen „ons,“ d.i.

die Afrikanervolk se, sogenoemde Calvinistiese kleinburgerlikheid, sewentiede-eeuse behoudendheid en gebrek aan smaak op kunsgebied; 2. Antonissen se artikels oor die Afrikaanse letterkunde is opvallend verskillend na gelang hy hulle vir die buiteiland of vir die „tuismark“ bestem; 3. (aanklagtes teen Antonissen): eensydigheid, onvermoë, moedswilligheid.

Laat ek met die laaste punt begin.

Oor my onvermoë of vermoë (as kritikus, veronderstel ek) sal ek self geen ordeel vel nie. Coetzee se ordeel daaroor is vir my egter waardeloos, omdat hy self nog nooit die bewys van „kritiese vermoë“ gelewer het nie.

Van moedswilligheid is ek my nie bewus nie. Hierdie „aanklag“ verval dus, want onbewuste moedswilligheid is 'n contradiction in terminis.

Eensydigheid kan in 'n kritiese op tweeërlei maniere bedryf word: (a) deur vermelding van wat nie vermeldenswaardig is nie en deur nie-vermelding van wat vermelding verdien; (b) deur positiewe of negatiewe apriorisme in die waardeoordeel oor outeurs en/of hul werke. Eensydigheid is 'n gevaar wat elke mens bedreig. Teen dié gevaar probeer ek as kritikus dag aan dag waak, en ek is so vry om in alle opregtheid te meen dat ek nog altyd op redelike wyse daarin geslaag het om kritiese eensydigheid uit my geskrifte te weer. Wie hom egter wél gereeld en sedert lank aan

albei genoemde vorme van eensydigheid skuldig maak, is Abel Coetzee. Van sy eensydigheid en van my poging om nie eensydig te wees nie, sal aanstoms 'n paar voorbeeldige gegee word.

Van Desember 1945 tot November 1950 het Abel Coetzee in die Vlaamse tydskrif *Dietsche Warande en Belfort* sewe kronieke van die Afrikaanse letterkunde (en verwante dinge) geskryf. Op versoek van genoemde tydskrif se redaksie het ek daarna die versorging van daardie kroniek oorgeneem, en tot sover het ek drie sulke artikels laat verskyn. Van Junie 1952 tot Februarie 1954 het ek daarin bespreek (in 'n bestek van 17 bladsye): die tans in Suid-Afrika bestaande letterkundige tydskrifte; die N.T.O.; *Ver in die Wêreld*, *Vir die Luit en die Kitaar*, *Die Sluipskutter*, *Twee Lampe* en *Die Ryk Weduwee*, van Krige; *Vlamme oor Laroche*, *Die Jaar van die Vuuros*, *Nelia Bell*, *Die Uur van Verlange*, *Drie Swerwers oor die Einders en Adam en Eva*, van De Klerk; *Kerse teen die Wind*, *Salome dans!*, *As ons twee en Nuwe Eenbedrywe 1952*, van Beukes; *Applous*, van Huguenet; *Duine en Pioniere*, *Hulle wat verbygaan* en *Die Uur van die rooi Maan*, van Malherbe; *Tussensang*, van Eybers; *Die sewe Vrese en Die Bevryding*, van Van Heerden; *Joernaal van Jorik*, *Engels uit die Klip*, *Groot Verseboek en Digters van Dertig*, van Opperman; *Dias*, *Die Mens agter Boek en Literére Teorie*, van Van Wyk Louw; *En die Oranje vloeい verby*, van Sangiro; *Die laaste Baken*, *Jeug*, *Vannag kom die Ryp en Dirk se Oorwinning*, van Van den Heever; *My liewe Magda*, van Niehaus; *Die Uitbuiters*, van E. D. M. Venter; *Sikororo*, van Pirow; *Die*

asvaal ou Karoo, van Van der Berg; *Die Mag van die Woord*, *Verhalende Ballades*, *Lig en Skaduwee* en *Goede Dood*, van Du Plessis; *Perspektief en Profiel*; *Sistematische Verslag*, van Merwe Scholtz; die eerste deel van Schoonees se *Woordeboek*; *Geschiedenis van Suid-Afrika*, van Van der Walt e.a.; *Kultuurgeschiedenis van die Afrikaner*, van Riebeeck se *Daghregister*; *Sintaktiese-stilistiese Studie*, van Verhage; *Briewe van Johanna van Riebeeck*, van Bosman; *Trekkerswee en Joernaal van Jorik*, van Cloete; *Die Drosters en Swart Pelgrim*, van F. A. Venter; die romans van Van Blerk, met name *Reën van Erbarming*; *Lente en Die Wa-as*, van Mikro; *Grou Mure*, van Pretorius; *Sekel en Simbaal* (2e druk), van Watermeyer; Totius na aanleiding van sy oorlyde; M.E.R. by haar bekroning deur die Akademie.

As ek op daardie lysie terugkyk, dan ontdek ek 'n paar werke wat wellywig onvermeld kon gebly het, maar kan ek nie insien wat ter belangrike werke uit die jare 1951 tot (September) 1953 — (my laaste kroniek is in September 1953 geskryf) — nie deur my vermeld is nie — (behalwe één, nl. Joubert se *Oupa Landman se Viool*, wat ek pas na die skryf van my laaste kroniek in hande gekry het). — Kan Coetzee een noem? Dan sal ek dadelik my versuim goedmaak. Kan hy my verder sê en bewys oor wat ter van daardie werke en outeurs ek in my *D.W. en B.-kronieke* verkeerd (lees: „eensydig“) geoordeel het? As hy swart op wit so 'n „eensydigheid“ kan bewys, sal ek bereid wees om ook dié fout te herstel.

Maar laat ek nou 'n oomblik verwyl by Coetzee se eie kronie-

ke in *D.W. en B.* Hulle strek oor ses jaar en wil die periode 1940-1950 dek, vermits sy eerste krooniek (Des. 1945) as titel dra: „Die Afrikaanse letterkunde vanaf 1940.” In totaal beslaan hulle ruim veertig bladsye. Daarvan word een hele artikel (6 bladsye) bestee aan ’n oorsig van die Afrikaanse essay, kritiek en literatuurgeschiedenis 1919-45 (‘n dor opsomming van name en titels); een hele artikel (5 bladsye) aan allerlei Afrikaanse toneel- en rolprentbedrywighede 1919-46; een hele artikel (4 bladsye) aan . . . „Een aspek van die streeke na taalsuiwerheid” — (blykbaar het daar in 1947 nikks letterkundigs verskyn wat die moeite wend was om te bespreek nie!); — een hele artikel aan die „*Bydrae van nie-Europese groepe tot die Afrikaanse letterkunde*” — (ek kur-siveer: ’n aansienlike deel daarvan handel oor . . . Teenstra, Boniface, Kaatje, Malherbe, Mikro, Van Bruggen, Regina Nester, Abel Coetzee, Schoeman en Franz, terwyl geen woord gerep word van *As die son ondergaan nie!*); — ruim 5 verheerlikende bladsye oor C. M. van den Heever; byna anderhalwe bladsy oor Mikro; 2 bladsye oor Du Plessis (alleen *Land van ons Vadere*); ruim 2 bladsye oor Pretorius; ’n volle bladsy oor Petersen (alleen *Die Enkeling*); ’n volle bladsy oor Oosthuizen (*In die Woestyn*); ’n halwe bladsy oor Totius; 16 reëls oor Krige; 14 reëls oor De Klerk; 12 reëls oor Malherbe; 6 reëls oor Sangiro; 5 reëls oor die Hobsons; 18 reëls oor Van Wyk Louw, veral oor *Raka* en *Gestalte*, met afkeurende strekking; 5 reëls oor W. E. G. Louw, veral oor *Terugtog* en *Adam*, met afkeurende strekking; sewe reëls oor Kirsch;

6 reëls oor Elis. Eybers (alleen *Die Vrou*); en nog ’n paar bysakies. Die meeste ander digbundels word net genoem of . . . glad nie genoem nie. Van 1940 tot 1950 het Coetzee blykbaar nooit gehoor — (moontlik: nikks begryp) — van *Die Ander Dors*, *Verklaarde Nag*, *Kwattryne*, *Sker-mutseling* en *Skote*, *Die Vlam-mende Fez*, *Ballade van die Eensame Seeman*, *Negester oor Ninevē*, *Joernaal van Jorik*, *Vlug-tige Spore*, *Sekel en Simbaal*, *Die Speelman van Dorestad*, *Liedere van Salome*, *Die Stil Kind*, *Stie-beuel* nie; altans, hy noem dié bundels nêrens nie. Van Opperman se *Heilige Beeste* het hy wel iets gehoor, maar hy noem dit . . . *Die Koning se Beeste!!* ’n Dergelike poets bak hy aan C. M. van den Heever, waar hy dié se *Kringloop van die Winde* obstinaat as *Keerkring van die Winde* betitel! Vir Van Melle se *En Ek is nog Hy en Paaie wat wegраak* — (dis al), — Krige se *Palmboom*, Grosskopf se *Ou Leeumelker* en Franz se *Molōisi* moet ’n blote vermelding volstaan. En verder geen enkele woord oor *Sketsboek*, *Moeder Poulin*, *Reisigers na Nêrens*, *Keerweer*, *Die Onterfdes*, M.E.R. nie! Verkeerde daterings is daarenteen volop, bv.: „*Winternag*” (1904), *Laat Vrugte* (1940), *Groei* (1932), *Raka* (1940), *Die Soeklig* (1945). Coetzee hou daarvan om onbelangrike inligtings te verstrek, en dan maar liefs foutief in die volgende gevalle: Kritzinger is professor in Potchefstroom, Dekker is professor in Pretoria. Verder openbaar hy ’n groot voorliefde vir die gebruik van vermaaklike woorde en woordkombinasies soos: „op-kerkulturele kunstenaar,” „onder-liggende grondgevoel” — (ek wil

nog graag 'n grondgevoel kry wat bo lê), — „grondliggende vaderlands liefde, „merendeels . . . as” (komparatief?), „onderliggende ooreenkoms,” ens. Vergelyk die „grondliggende gebrek aan piëteit” in *T. v. L.* (IV, 2). En wat betref Coetzee se kritiese waarde-bepalings en norme: dié potjie moet in die openbaar maar liewer gedeck bly. Ek hou die volledige, kosbare versameling van Coetzee se *D.W. en B.*-kronieke ter be-skikking van alle belangstellendes.

'n Saamvattende vraag, waarop elke objektiewe leser nou sonder moeite sal kan antwoord: wié het nou eintlik 'n eensydige voorstelling, 'n „verwrone beeld” van die Afrikaanse letterkunde gegee, Coetzee (1945-50) of Antonissen (1952-53)?

Na dit alles kan ek heel kort wees oor punte twee en een.

Iedereen wat my drie kronieke in *D.W. en B.* vergelyk met my kronieke van die afgelope drie jaar in *Standpunte*, sal onmiddellik getref word deur die ooreenkoms daarvan. Coetzee se ge-baseel oor „wel of nie vir die tuismark nie” raak kant nóg wal. Dis nogal 'n ironiese sameloop van omstandighede dat, in die-selfde nommer van die *T. v. L.* waarin Coetzee sy aantygings maak, die volgende opmerking van E. Lindenberg n.a.v. my jongste kroniek in *D.W. en B.* voorkom: „Antonissen se kroniek van die Afrikaanse letterkunde is grotendeels 'n herhaling van wat vroeër reeds in *Standpunte* verskyn het” (bl. 93). Dié opmerking is volkome huis. Die enigste twee verskille lê hierin: (a) die kronieke in *Standpunte* is suiwer krities (en dus strenger, even-tueel ook polemies), dié in *D.W. en B.* is in hoofsaak informato-

ties, met weglatting van alles wat m.i. vir die Nederlandse en Vlaamse leser onbelangrik is, en soms met 'n aanvullende literêr-historiese verwysing wat vir die Suid-Afrikaanse leser oorbodig sou wees; (b) in *D.W. en B.* bespreek ek soms ook nie-letter-kundige werke. Vir die res probeer ek om in albei tydskrifte ewe volledig en ewe objektief te wees. Ek daag Coetzee uit om een (slegs één) voorbeeld aan te voer van 'n uitspraak van my oor dieselfde werk wat in die twee tydskrifte verskillend sou gelui het, hetsy wat die inhoud, hetsy wat die „gees” daarvan betref. Ek daag Coetzee uit om uit *D.W. en B.* een (slegs één) voorbeeld aan te voer van my sg. „hooghartigheid” teenoor die Afrikaanse letterkunde of die Afrikanervolk. Ten gerieve van Coetzee se geheue wil ek hier 'n passasie aanhaal uit my tweede kroniek, waarin ek by die voltooiing van die *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner* die volgende sê: „Na voltooide lektuur, die menigmaal een genot is, blijft men lang met verbazing en bewondering zitten mijmeren bij wat dit volk van nauwelijks twee miljoen mensen gedurende de laatste eeuw (want daarop komt het toch in hoofdfaak neer) heeft verricht en gebouwd, en men gaan vurig wensen dat deze *Kultuurgeskiedenis* niet maar een monument moge zijn ter ere van wat voorbij is, doch een mijlpaal op een lange en schone weg waarvan nog slechts het kortste, hoewel misschien essensieelste stuk in het verleden ligt.” (*D.W. en B.*, Febr. 1953, bl. 106-107). Hooghartigheid? Stryd teen „sogenoemde Calvinistiese kleinburgerlikheid ens.”?

En hier is my laaste uitdaging,

'n baie ernstige uitdaging hierdie keer, want hier geld dit meer as ooit 'n *pertinent*-verdigte insinuasie: sal Coetzee asseblief sê waar hy van my ooit iets gelees het wat anti-Calvinisties sou wees of ook maar na anti-Calvinisme sou lyk? — Maar ek ken wél iemand wat so iets geskryf het, — klaarblyklik bedoel, nie vir die „tuismark” nie, maar slegs vir die buiteland:

Daar is 'n hele aantal redes waarom die Afrikaanse toneel „die Aspoestertjie van die Afrikaanse kultuur” is; „van hulle is die belangrikstes seker die pionierstoestande met aanvanklik 'n klein en later 'n erg verspreide bevolking, die Calvinistiese afkerigheid van die teater, en dan die afsondering en vereensaming ten opsigte van die kultuurhaarde in ons Europese stamlande.”

Dié teks het verskyn in *Diet-sche Warande en Belfort*, Mei 1947 (bl. 238) en is geskryf, nie deur Antonissen nie, maar deur . . . ABEL COETZEE.

ROB. ANTONISSEN

[Professor Abel Coetze antwoord hierop: Dit is net wat 'n mens kon verwag. Die kritikus wat so astrand klappe links en regs uitgedeel het en vrolik as leermeester die gek geskeer het met sommige van ons beste skrywers, is erg op sy tone getrap as iemand dit waag om sy kop tussen sy ore te sit! Al wat ek van die ernstige student van ons letterkunde vra, is om die tydskrifte waarin dr. Antonissen oorsigte gegee het en ook die tydskrifte waarvoor ek oorsigte van die Afrikaanse boeke gelewer het (en waarna dr. Antonissen verwys, en wat in enige goeie biblioteek aanwesig behoort te wees), sorgvuldig deur te lees en eie gevolg-trekings te maak. Ek het volle

vertroue in hulle oordeel. Dr. Antonissen se afleidingsmaneuwer om die aandag van hom te probeer afwend deur my te lyf te gaan, is te deursigtig onoorspronklik om nog iemand te mislei. En dan die gebasel oor „letterkundige oordeel” en ander se tekortkominge! Die man wat nie eers kan besluit of Van Wyk Louw se bundel *Dias* of *Diaz* heet nie en daarby sulke slap pannekoeksinne skrywe, wat met allerhande bygedagtes aanmekaargewors is, is seker nie 'n kritikus by wie ek in die leer wil gaan nie, nog minder is hy iemand wat hom kan aandien as leermeester vir ons skrywers. Enne . . . vertaalde Vlaams geld nog altyd nie as Afrikaans nie! Daar mag mense wees wat in die toekoms nog om die een of ander rede na dr. Antonissen se oorsigte sal kyk, maar ek sal sekerlik nie een van hulle wees nie. As 'n mens ouer word, het jy nie meer baie tyd om te verspil nie en jy moet op jou bloeddruk let. Dit spyt my maar net dat dit soveel anders kon ge-wees het.]

Dr. T. T. Cloete skrywe:

In u tydskrif (jrg. 4, no. 1) het dr. P. J. Nienaber 'n artikel geskryf: „Dr. P. C. Schoonees: sy standpunt het geseëvier.” Ek betwiss dit ten eue male dat dr. Schoonees se gesonde standpunt in 1954 geseëvier het; want as u eers my bespreking van D. F. Malherbe se *Boerprofeet* in *Ons Eie Boek* (jrg. xx, no. 1) lees en daarna dr. Abel Coetze se artikel *Hora Est* (in u tydskrif, jrg. 4, no. 2) waarin my naam na aanleiding van my genoemde bespreking genoem word as een van die ondergrawers van ons Christelik-Nasionale kultuur, dan sal u sien dat daar in Suid-Afrika nog

steeds kritici is wat soos dr. Coetzee meedoen aan (en nou haal ek aan uit dieselfde artikel van dr. Coetzee self) „die hebbelikheid om elke greintjie ongunstige uitlating oor die Afrikaanse kultuur, op watter terrein ookal, netjies uit sy verband te lig, dit te ontdoen van alle omringende bykomstighede en omstandighede wat oorspronklik daarvan 'n spesifieke karakter verleen, om dit dan uiteindelik met basuingeskal en vetletteropskrifte wyd en syd wêreldkundig te maak as 'n vernietigende oordeel op al wat Afrikaans is. Sodoende wek hulle die skyn dat die Afrikaners en hulle kultuur agterlik is, bekrompe, kleinsielig, hopeloos ouderwets, onverdraagsaam, eng, ondemokraties en alle ander ongure karaktereenskappe waaraan mens maar kan dink. Voortgaande wek hulle die indruk dat hulle self die wagters is op Sionsmure en dat hulle die bose spul so doeltreffend onthul dat mens nou te enigertyd die ineenstorting van hulle wêreldjie kan verwag. Die verdere uitwerking is dat elke Afrikaner, waarvan die gelugte mening dusdanig verdraai is, daarna onder verdenking kom by sy eie mense dat hy renegaat geword het. Die ongelukkige uitwerking daarvan is dat elke reggearde Afrikaner in 'n geesteshouding ingedwing word van: „My volk, reg of verkeerd . . . maar my volk!“ Geen volksman — laat hom nou wees uit watter land ter wêreld — laat sy eerlike bedenkings oor misstande vertolk as verdoemende veroordeling van sy eie mense nie. Hier het ons te doen met 'n fyn ontwikkelde inlegkunde — die kuns om betekenis in 'n ander man se woorde in te vertolk. Sodoende word jy gaandeweg op die verde-

digung geplaas en, heeltemal negatief, word jy op laas iemand wat ook die gebreke van jou volk goedpraat.“

Tot sover dr. Coetzee se behartigenswaardige, baie goed geformuleerde waarskuwing teen verdagmakery. Dat hierdie waarskuwing teen verdagmakery nou juis in 'n verdagmakende artikel geskryf is, moet dr. Nienaber des te meer oortuig dat hy ongelyk gehad het met sy artikel in die vorige aflewing van u tydskrif, 'n artikel wat ek indertyd owerigens met veel waardering gelees het. Ek betreur dit net dat dit so kort daarna die nek ingeslaan is.

T. T. CLOETE

[Professor Abel Coetzee antwoord hierop: Dr. Cloete se beetoog is vir my nie helder nie, maar dit kom miskien daardeur dat ek nie 'n man-van-een-gedig is nie en die fyner nuances my dalk ontslaan of vir my „irrelevant“ is. Wil dr. Cloete nou werklik in alle erns beweer dat hy en sy letterkundige vriende op die oomblik dieselfde doen as dr. P. C. Schoonees destyds met sy proefskrif gedoen het? Dr. Schoonees het die eer aan ons goeie prosaskrywers geggee wat hulle toekom en die foute in die swak skrywers se werk aange-toon. Moet ons nou, as ons die nodige afleiding uit dr. Cloete se beetoog maak, vir Von Wielligh van destyds met D. F. Malherbe van vandag gelykstel? Von Wielligh is destyds weens sy swak werk uitgeskakel, en vandag moet ons dit dus met D. F. Malherbe doen? Ek dink dat dr. Cloete hom sal skaam as hy aan die konsekvensie van sy redeneering dink. Sê nou maar ons moet waarde heg aan sy bewerings, dan sal dit soos volg gaan: dr.

Schoonees het vir De Waal, Von Wielligh e.a. as prosaskrywers uitgeskakel; ons klompie van vandag skakel weer vir Van Bruggen, Malherbe, Sangiro e.a. uit; die geslag na ons skakel dan weer die paar skrywers uit wat nog genadiglik oorgebly het. Dan het ons behoorlik niks, en dit word dus ook duidelik dat as ons hierdie outomatiese uitskakelingsproses aan die werk sit daar weer kan word dat ons glad geen prosa het nie! „A, maar ons het ons groot digters wat darem nog

stof lewer vir akademiese proefskefste," sal die triomfantelike antwoord lui! „Nie een van ons prosaskrywers kom ,naby' (dit is vandag die groot hoogspringwoord) hulle nie." Maar watter waarborg het ons dat die volgende geslag nie vir Van Wyk Louw en Opperman sal opruim soos daar vandag met sommige van ons ouer digters reeds gebeur nie? Dan is die lei skoongegee en ons begin weer by 'n Eerste Taalbeweging! En dit noem ons dan „letterkundige kritiek!"]

Boekbesprekings

DIE VERLATE TUIN, deur Ina Rousseau. (A. A. Balkema, Kaapstad 1954).

Die verskyning van hierdie bundel is meer ek, slegs die derde wat deur die bloemlesing *Stiebeuel* in die vooruitsig gestel is. Die bundel bevat dus waarskynlik gedigte wat oor 'n lang tydperk ontstaan het en wat aan 'n streng sifting onderwerp is. Die resultaat hiervan is 'n bundel waarin haas geen gedig te ver benede die peil val nie.

Wanneer die term „ryp” in verband met hierdie eerstelingbundel gesig word, is dit nie slegs om bogenoemde redes nie, maar ook veral omdat daar geen romantiese-jeugdige selfkoesterend in voorkom nie, omdat die versifikasie besonder knap is en omdat geen gedig duidelike spore van eksperimenteerdryf vertoon nie. Stellig sal hierdie indruk versterk word deur die verstandelike inslag, die ewewigtige lewensbesinning.

Die stemming van die aanvangsgedig (waaraan die bundel ook sy titel ontleen) bly steeds gehandhaaf, naamlik 'n stemming van melankolie, 'n lichte droefheid om 'n verlore geluk wat die mens nie meer kan herwin nie; Eden is „gedoem tot langsame verrotting.” Dié gedig is in die vorm van 'n vraag wat eintlik geen vraag is nie, maar die konstatering van 'n oortuiging. Alhoewel elke strofe in die vorm van 'n afsonderlike vraag geskryf is, word dieselfde „vraag” telkens herhaal of uitgebrei. Dieselfde gedagte doem op verskillende

plekke op in ander woorde en word in die volgende kwatryns weer saamgevat:

„Breed is die uitgang; ons
wandel ongestoord
na buite met die luide skare
voort
maar soek daarna vir jare na
die klein, verskole
ingang terug na U, die enge
poort.”

In wisselende gedaante keer diezelfde heimwee terug in die gedigte *Die Samaritaanse Vrou, Cocotte* en baie van die kwaterne.

Die digteres beoefen met voorkeur die streng gebonde digvorms van die sonnet en die kwatryns wat goed pas by die bespieërende aard van die poësie. Opmerklik is die feit dat die beeldes byna deurgaans konvensioneel is: die voorstelling in 'n aantal kwaterne van die lewe as 'n toneelspel, as 'n „ingewikkeld patroon,” as 'n karnaval, die mens as 'n skipbreukeling, die beeld van die oase in die woestyn ens. Boonop is 'n groot aantal beelde aan die Bybel ontleen. Ten spyte van die feit dat dikwels 'n persoonlike nuanse toegevoeg word, verraai hierdie verskynsel tog 'n sekere skraalheid in die lewensbeeld en vorm 'n ernstige bedreiging vir 'n poësie waaraan hewige spanninge vreemd is.

Vir my is *Cocotte* een van die mooiste gedigte in die bundel. Die lang e-klank bind die gevoelstroem van die eerste strofe wat

„oorloop” in die tweede en dan verskor teen die einde:

Op markpleine het ek myself verbreek
en onverskillig onder vele uitgedeel.
Nou is ek wreed verspil en in die nag verlang ek wenend terug na my geheel.

Geen wonder kan my tot volledigheid herstel
want elk wat deel uitmaak van my verdriet behou in hom 'n brok van my: gering en vaag
en onbeduidend soos 'n goedkoop lied.

Van die kواتryne vind ek die volgende (ten spyte daarvan dat die woorde „skimmel” en „swam” onmiddellik aan Opperman herinner) een van die bestes:

In sneeuwit siermotiewe van die pyn breek die verwording deur in blaar en stam.
O was die lewe mooier sonder die fyn borduursel van die skimmel?
Van die swam?

Hieruit spreek trouens ook duidelik die ryp lewenshouding van iemand wat die lewe aanvaar mét sy pyn. Daarom kan die dood gesien word as die herstel van 'n verlore balans, as die daad waarmee God die mens „van Sy skeping red.”

Besonder geslaagd vind ek die gedigte *Potchefstroom* (veral die slot), die impressionistiese *Winterskemering*, *Die Gestorwene*, *Pietà*, *Regina Martyrum* en *Katedraal* (behalwe die slot). Trouens, die gedigte handhaaf

deurgaans 'n hoë peil van suiwerheid en maak die bundel as geheel 'n welkomme aanwins.

E. LINDBERG

'N KEUSE UIT OVIDIUS. Deur C. E. Freeman (Afrikaanse verwerking deur G. J. J. van Deventer, O.L. Juta en Kie., Beperk).

Hierdie publikasie is 'n betroubare vertaling van 'n bloemlesing uit Ovidius se gedigte, vir die gebruik van die matrikulasielleerling. Dit is noukeurig aangepas by die behoeftes van die Afrikaanse leerling deur die skrywer wat, as onderwyser in die Helpmekaar-hoërseunskool, Johannesburg, jarelange ondervinding het van die probleme ondervind met die aanleer van Latyn deur die medium van Afrikaans. Die publikasie word sterk aanbeveel in 'n woord vooraf deur Professor H. L. Gonin.

'n Keuse uit *Ovidius* is reeds die derde soortgelyke vertaling van Van Deventer. Saam met *Pro Lege Manilia* en *Caesar se Galliese Oorlog* (uitgegee deur dieselfde uitgewers), is dit 'n aanwins vir die Afrikaanse skole. Die hoop word uitgespreek dat die gunstige ontvangs van hierdie publikasie die skrywer sal loon vir sy moeite en toewyding, en dat dit geensins die laaste bydrae van hierdie aard sal wees nie.

C. P. T. NAUDÉ

JUNGLE RIVER, by H. C. Stoffberg. (H.A.U.M., Cape Town). Hierdie boek vloei oor van goeie bedoelings en aanbevelings. Dit vertel die verhaal van Sammy, 'n Basoeto wat die lewe van sy baas, konstabel Cloete, talle kere red. Op sy beurt red mnr. Andrews weer Sammy se lewe op die laaste oomblik deur die dame

te vind wat Sammy se getuienis kan staaf. *Jungle River* keer eintlik na sy begin terug en laat 'n streep dooi slang, krokodille, luiperds, bokke en naturelle agter — almal huldeblyke aan Sammy se heldemoed. Ongelukkig kan al die dinge nie 'n goeie roman maak sonder hulp van die outeur nie. Die volgende kommentaar oor 'n groep naturelle wat deur krokodille verslind word toe hulle die Limpopo probeer oorsteek, gee 'n goeie voorbeeld van die boek se styl:

„After all, although Natives, they too had souls. They too, loved life. To them the breathing of pure fresh air was as pleasant an experience as to the European. They at least were prepared to sacrifice their lives in the endeavour to achieve their goal. How many Europeans, in their quest for success, displayed this amount of intestinal fortitude?”

H. GIRLING

PITY THE SPRING, deur Adéle Naudé (Balkema, Cape Town, 10/6).

Hierdie klein bundel is 'n versameling verse wat vroeër in *Standpunte*, *Trek*, *The Cape Argus* en veral *The Cape Times* verskyn het. Af en toe is daar 'n mooi beeld of 'n interessante idee, maar oor die algemeen ontbreek daar die soort eenheid wat deur 'n besonder diep, helder en hartstogtelike insig gegee word, of wat uit 'n fyn maar sterk gevoel vir ritme en vorm voortvloeи.

C. VAN HEYNINGEN

ONDER VREEMDE STERRE, J. Nel van der Merwe (Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg 1954).

Elke kunstenaar skep 'n nuwe wêreld met sy eie lewensvorms,

sy eie wette, sy eie waarhede. Of hy slaag as kunstenaar hang af van die mate waartoe hy in staat is om sy gehoor te dwing om die wette te aanvaar as essensieel waar en hulle derhalwe sonder verset onderwerp aan die nawerking in hulle gees van die voorgeskilderde waarhede en lewensvorms.

Hierin verskil die reisbeskrywing gewoonlik slegs graduateel van die roman, gedig of toneelstuk. Want ook die reisiger besoek „vreemde wêrelde” en hy gee vir ons nie net 'n beskrywing van mense, instellings, stede, museums, skepe en voorvalle nie, maar hy vertolk dit met sy eie persoonlikheid. Die sukses van die reisbeskrywing, sou ek sê, hang daarvan af of die reisiger die leser met oortuiging kan meevoer as 'n waarderende en begrypende „reisgenoot,” wat uiteindelik die skrywer se siening van mense en dinge deel en dan die verhaal, aan die einde van die reis, neerlê verryk deur sy bezoek aan die vreemde.

Benader mens die reisverhaal van J. Nel van der Merwe: *Onder Vreemde Sterre* uit hierdie standpunt, dan het hy onteenseglik daarin geslaag om sy ervarings in Europa op so 'n manier in te klee dat dit die belangstelling van oud en jonk enduit gespanne hou. Sy kyk op sake is individueel en hy het waarhede om mee te deel wat die leser verryk.

Ek sou sê dat die boek se grootste leserskring lê onder die ryper jeug, maar ook vir geestelik volwassenes behoort dit sy bekoring te hê.

Leesstof van hierdie aard is maar te skaars in Afrikaans. Noem mens die ouer werk van Tannie van die Brandwag, van Sangiro en die jonger werk van

W. A. de Klerk, dan is die genre sowat uitgeput. *Onder Vreemde Sterre* is 'n verdienstelike aanvulling van hierdie skraal voorraad.

ABEL COETZEE

SNEL DAN DIE JARE, C. G. N. de Villiers. Overbergse sketse en verhale. (A. A. Balkema, Amsterdam-Kaapstad 1954).

Daar is ongetwyfeld geen mens wat nie op die een of ander tyd-stip in sy lewensloop terugkeer na sy jeuglandskap nie. En dit is die skone daarvan: laat die kinderdeae nog so onaansienlik wees, armoedig en vol kommer, of laat dit saai wees van oorvloed, altyd is dit die tydperk van die grootste geluksaligheid, altyd bly dit die toevlugsoord waarheen die volwasse mens trek om helsing te soek vir die kwale van later. Al wat die afstand van die jare aan ons doen hoe verder daardie tydperk agter ons weg-skuiif, is om die pynlike daarin te laat vervaag en slegs die aanklike dieper in ons gemoed in te grif.

C. G. S. de Villiers verstaan die kuns om vir ons al geselsend in te lei in die bestaan van die oorbergse wêreld teen die afloop van die vorige eeu. Sy manier van vertel is die egte ou Boere-manier van familie-uitlê — iets waarmee haas elke kennismaking in die landelike lewe vandag nog begin. So tussen die siektes en kwale van die huismense deur, so tussen die kaskenades van die kinders, ervarings op die plase, relaas van mense en dinge deur, maak ons kennis met familietrots en familie-eer, vrede op die boerderye en rus in die harte van die mense van destyds, en dit word vir ons duidelik wat dit eintlik is wat die mens van vandag inge-

boet het deur stoflike besit in die grootstede na te jaag.

In hierdie Overbergse sketse kry ons 'n gawe beeld van ons boerelewe in die vorige eeu, en dit is leesstof soos die wat daar toe bydra om mens se gees te vul met agting en liefde vir die verlede van jou eie soort.

In Afrikaans is baie meer boeke soos hierdie nodig.

ABEL COETZEE

LIED VAN DIE LAND. 'n Bloemlesing oor Suid-Afrika saamgestel deur D. J. Opperman. (H. A. U. M. - J. H. de Bussy. Kaapstad-Pretoria.)

In opdrag van die Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-maatschappy, J. H. de Bussy, Kaapstad, het D. J. Opperman hierdie bloemlesing saamgestel ter viering van hulle sestigste verjaardag.

In die inleiding sê hy: „Die opdrag was om . . . 'n aantal gedigte te kies wat die lesers enigsins 'n indruk sou gee van die inwoners en skoonheid van die land waarin hulle reeds so lank as uitgewers werksaam is. Deur die digters se verheerliking van Suid-Afrika wou hulle as uitgewers dan hul eie liefde en waardering vir dié land laat spreek . . .”

Omdat „die hele groei en ontwikkeling van die Afrikaanse verbonde was aan die Nederlandse” laat die samesteller die Afrikaanse tekste deur 'n paar Nederlandse voorafgaan. Dit begin met 'n gedig uit die sewentiende eeu, nl. met *Africa*, van Jeremias de Decker, dan volg *Reize naar Oost-indien*, beskrywing van 'n reis wat in die agtziende eeu plaasge-

vind is. Dis 'n gedig deur Isaac Sunderman geskryf. Na die Nederlandse gedig *Die Paarlberg*, van prof. A. Moorees volg die bekende *Hoe die Hollanders die Kaap ingeneem het*, deur S. J. du Toit.

Die digters uit die Tweede Periode word bykans almal verteenwoordig en die gedigte wat die samesteller uitkies, is deurgaans ou bekendes wat in die bundel tuishoort. Daar is *Winternag*, van Marais, *Die Vlake*, van Celliers, *Die Godsbesluit*, van Totius, *Oktobermaand*, van Leipoldt en *Die Stem van Suid-Afrika*, van Langenhoven. Dis egter jammer dat hy die onbeholpe vers van Kleinjan, nl. *Aan 'n stukkie Biltong*, ingesluit het.

Waar dit die keuse van gedigte uit die werke van die jongeres geld, ontstaan die gevoel dat die samesteller, veral wat sommiges betref, meer tipiese en verteenwoordigende verse kon gekies het.

As geheel is dit 'n mooi versameling wat 'n duidelike beeld gee van die ontwikkeling van ons natuur- en landelike liriek. Daarby is dit 'n praguitgawe wat die uitgewers eer aandoen — 'n waardige feesbundel dus.

S. C. HATTINGH

BIBLIOGRAFIE VAN AFRIKAANSE BOEKE (Nov. 1948–Oktober 1953), Deel 3, deur P. J. Nienaber. (Uitgegee deur dr. P. J. Nienaber, „Libricellae,” Kafueweg 24, Emmarentia, Johannesburg 1954). 63/-.

Die deeglikheid en volledigheid wat die eerste twee bundels van die *Bibliografie* gekenmerk het, word in hierdie derde deel weer eens opvallend bewys. Die skrywer het 'n reusetaak onderneem en hom uitmuntend van sy taak gekwyt. Slegs iemand met 'n buitengewone arbeidsvermoë, toegegyde ywer en volharding kon so 'n onderneming met sukses tot voltooiing bring.

Die werk bevat, behalwe die gewone inligting i.s. afkortings, wyse van rangskikking, lys van uitgewers, adreslys van skrywers ens. 'n uitgebreide skrywerslys, titellys, onderwerpslys en kronologiese lys van letterkundige werke.

Die eerste twee dele het alreeds afdoende bewys hoe onontbeerlik die *Bibliografie* by ons biblioteke, skole en universiteite is. Daarom kan ons sonder voorbehoud sê dat hierdie derde deel deur almal wat in die Afrikaanse letterkunde belangstel van harte verwelkom sal word.

S. C. HATTINGH

Uit die Tydskrifte

Ons Eie Boek, Jg. xx, Nr. 2: Eitemal, wie se *Jaffie* hoog ge-roem word deur Antonissen, publiseer hierin vier gedigte. Antonissen bespreek verder Ernst van Heerden se *Reisiger*, *Die Bur-gemeester van Slaplaagte* van Van Bruggen, *Woord en Wonder* van Grové (wat volgens hom met smaak en insig geskryf is) en M. Luitingh se bloemlesing *Vorm en Inhoud* (wat hy baie teleurstel-lend vind). Hertzog Venter skryf oor die roman as kunsform, ter-wyl J. E. Loubser wys op die treffende gebruik van die adjek-tief in *Raka*. T. T. Cloete gee 'n simpatieke bespreking van Arthur Fula se *Jôhannie giet die beeld*.

Standpunte 32, Jg. 8, Nr. 4: Die redaksie kondig aan dat die tyd-skrif voortaan tweemaandeliks gaan verskyn. 'n Vyftal jonger Afrikaanse digters publiseer gedigte, dan nog Engelse poësie van Phyllis Haring, Roy Macnab en W. G. Brandford en Nederlandse van F. C. Terborgh. In sy kroniek staan Antonissen baie krities teenoor 'n aantal prosawerk waaronder Jannie Kruger se *Beelde en Stemme*, *Voor die nag kom* van Dirk Richard, en *Die Eensames* van W. A. de Klerk. Onder die opskrif *Tussen Anima en Animal* bespreek Finus M. P. Oosterhof 'n reeks jonger Neder-landse „eksperimentele“ digters; die oordeel is byna deurgaans verdoemend, maar onderhoudend geskryf en ryklik voorsien van aanhalings. J. Greshoff roem die oorspronklikheid van die Neder-landse prosa's A. Alberts en her-

denk P. N. van Eyck. M. P. Olivier Burgers behandel die skil-derkuns van Diederick Düring.

Helikon, Jg. 4, Nr. 16: S. C. Hattingh analyseer die digterskap van Toon van den Heever en karakteriseer die poësie van C. M. van den Heever na aanleiding van sy *Versamelde Gedigte*. Gerard Beukes publiseer 'n eenakter, terwyl Toon van den Heever, S. V. Petersen en A. J. J. Visser gedigte lewer. *Die Skrywer en die Kritikus* is 'n artikel van C. M. van den Heever. Hierdie uit-gawe bevat 'n paar skerp aan-valle op D. J. Opperman en veral Antonissen. A. L. Meiring skryf oor die Amandebele van Pretoria, terwyl Fritz van der Merwe vertel van onderhoude wat hy gevoer het met Italiaanse taalkunstenaars. S. Ignatius Mocke bespreek *Die Verlate Tuin*, van Ina Rousseau en vind dat sy „'n poësie van die intuïsie“ skryf.

Critisch Bulletin, Mei 1954: M. L. M. van Almelo-Hofstee lewer 'n interessante artikel oor die verskynsel „eksperimentele gedig.“ In die artikel *Het Experiment van den Gasfitter*, behandel Anthonie Donker die jongste bundels van Gerrit Achterberg. Na aanleiding van W. F. Hermans se novellebundel *Paranoia*, karakteriseer Paul Rodenko sy prosa as „glasheldere dubbelzinnigheid.“ Ander boeke wat bespreek word, is *Het eiland in de verte* van Marie van Dessel-Poot (C. J. E. Dinaux), *Gordel van smaragd* van Johan Fabricius en *Vogels*

in de nacht van K. van der Geest (B. Roest Crollius) en *Aan de waterkant van Julien Kuypers* (Karel Jonckheere).

De Vlaamse Gids, Junie 1954: Hierin verskyn van W. M. L. E. van Leeuwen uiters boeiende persoonlike herinnerings aan M. Nijhoff. *De Musische Verrukking in Apollinisch Gewaad* is die op-skrif van 'n artikel deur C. L. Sciarone oor die lektuur van Marnix Gijsen. M. Rutten bespreek die poësie van die na-oorlogse geslag na aanleiding van Ad den Besten se bloemlesing *Stroomgebied*.

Nieuw Vlaams Tijdschrift, Jg. 8, Nr. 4: Hierdie nommer bevat poësie van Achilles Mussche, Ronny van Cleef en Rudo Durant. Die briefwisseling tussen Karel Jonckheere en Erik van Ruysbeek oor *Poësie en Experiment* word voortgesit, terwyl Hubert Lampo in die kroniek *De jongere Generatie getuigt voor onze Tijd* werk bespreek van Valeer van Kerkhove, Ivo Michiels, Bert van Aer-schot, Hugo Claus, Maurice d'Haese, Piet van Aken en Louis-Paul Boon.

Dietsche Warande en Belfort, Mei 1954: Prof. Dr. E. Rombauts wys daarop dat die tydperk tussen die Renaissance en die Vlaamse Beweging (1600-1830) in die Nederlandse literêre geskiedskrywing selde tot sy reg kom. M. van de Ven behandel die Amerikaanse digteres Edna St. Vincent Millay en in sy kroniek van die Vlaamse poësie bespreek Jos de Haes *Emblemata Biblica* van Gery Helderberg, *Het Kruid-aan-de-Balk* van Johan Daisne en *Appassionato* van Paul de Vree.

De Nieuwe Taalgids, 3e aflewing, 47e Jaargang: Die eerste van twee artikels oor die veel-sydige André Jolles verskyn van die hand van Walter Thys. C. G. N. de Vooy wys op die verskil-lende geskiedenis van die Vlaamse letterkunde en toon groot waardering vir dié van Marnix Gijsen en R. F. Lissens, waarvan laasgenoemde in 1953 verskyn het. G. Kamphuis skryf oor *Een stijlfiguur in portretbij-schriften der 16de en 17de eeuw*.

E. LINDBERG

A. P. B.


